Vir die nuutste inligting oor Microsoft se dataverwerkingspraktyke, hersien asseblief die Microsoft-privaatheidstelling. Hier kan jy ook meer te wete kom oor die nuutste nutsmiddels wat ons verskaf om toegang tot jou data te kry en dit te beheer, en hoe om ons te kontak indien jy ’n navraag oor privaatheid het.

# Windows® Phone 8.1-privaatheidsverklaring

Laas bygewerk: **April 2016**

Microsoft is verbind tot die beskerming van jou privaatheid, en die lewering van toestelle en dienste wat aan jou die verpersoonlikte ervaring, werkverrigting, krag en gerief bied wat jy graag wil hê. Hierdie privaatheidsverklaring beskryf die data-insameling en -gebruikspraktyke van die Windows® Phone 8.1-sagteware en -dienste ("Windows Phone"). Vorige weergawes van die Windows Phone-bedryfstelsel (byvoorbeeld Windows Phone 8 en Windows Phone 7) word deur aparte privaatheidsverklarings gedek. Klik hier om die Windows Phone 8-privaatheidsverklaring na te gaan, of hier om die Windows Phone 7-privaatheidsverklaring na te gaan.

Hierdie verklaring geld nie vir ander aanlyn- of vanlyn- Microsoft-werwe, -produkte of -dienste nie. Dit geld ook nie vir die dataversameling en -gebruikspraktyke van ander entiteite wat deel is van u foonervaring, soos u diensverskaffer, foonvervaardiger, selfoontoepassingverskaffers, Enterprise-rekeninge en webwerfverskaffers nie. Gaan asseblief die privaatheidsbeleide van daardie entiteite na om meer oor hulle praktyke te wete te kom.

Om jou te help om die inligting wat jou die meeste raak te bekom, sal die volgende skakels jou direk na die inligting oor ’n spesifieke onderwerp of kenmerk van die foon neem.

Bymekaarmaak en gebruik van jou inligting
Versameling en gebruik van standaardinligting oor jou foon
Bymekaarmaak en gebruik van foon- en diensmagtigingsbewyse
Bymekaarkmaak en gebruik van liggingsinligting
Inligting wat ons met ander deel

Kinders
Vertoon van reklame
Hoe ons met jou kommunikeer
Inligtingberging en -oordrag
Jou inligting se sekuriteit
Veranderinge aan hierdie privaatheidsverklaring
Vir meer inligting/toegangsversoeke

Spesifieke kenmerke:

Bykomstigheidstoepassings
Reklame-identifiseerder
Agtergrondtake
Rugsteun
Kalender
Cortana
E-pos + Rekeninge
Soek my foon
Internet Explorer Mobile
Sleutelbordherkenning
Kinderhoekie
Ligging-aanmeldings
Kaarte
Pratery
Microsoft-rekening
Kennisgewings en Aksiesentrum
Office Mobile
Mense-spil
Verpersoonlikte voorstel
Foonterugvoer
Foto's en kamera
Kamers
Soek
SharePoint Mobile
Spraak
Berginginsig
Winkel
Sinchronisasie-instellings
Tik en stuur

Bywerkings
Beursie
Wi-Fi-insig
Werkplek
Xbox LIVE en Xbox-musiek

Nie alle kenmerke is beskikbaar op alle fone (sekere kenmerke is byvoorbeeld nie beskikbaar op fone met beperkte geheue, of fone sonder sellulêre stem of sellulêre data nie), by alle diensverskaffers, of in alle streke nie.

# Bymekaarmaak en gebruik van jou inligting

Wanneer jy jou Windows Phone en verwante dienste gebruik, sal ons sekere inligting van jou bymekaarmaak om die kenmerke en dienste wat op die foon gebied word te aktiveer, om die transaksies wat jy aanvra of magtig uit te voer, en om inhoud en reklame wat volgens jou belangstellings en voorkeure aangepas is te vertoon. Inligting wat ons ontvang, kan ook ontleed word om kenmerke en dienste wat op die foon en ander Microsoft-produkte en -dienste gebied word te verbeter, tensy meer beperkte doeleindes gespesifiseer word in die Spesifieke kenmerke afdeling hieronder.

Ons kan inligting oor jou besoek aan ons werwe, insluitend die Windows Phone App Store ("Winkel") en Speletjies-spil, vir web-gebaseerde ervarings op die foon bymekaarmaak. Ons kan byvoorbeeld inligting oor die bladsye en inhoud wat jy bekyk en jou optrede op ons werwe, soos soektogte na inhoud of toepassings, die aankoop van toepassings of inhoud, of die stroom van inhoud vaslê. Hierdie inligting word gebruik om jou ervaring pas te maak, die dienste wat jy aanvra te verskaf, en om ander Microsoft-produkte en -dienste te verbeter.

Inligting wat deur Microsoft-kenmerke en -dienste op die foon bymekaargemaak word, kan moontlik met inligting wat deur ander Microsoft-produkte en -dienste verkry is, gekombineer word om u interaksie met Microsoft meer konsekwent en persoonlik te maak, en om ons produkte en dienste te verbeter. Ons kan dalk ook die inligting wat ons vanaf jou foon oor jou insamel, met inligting wat ons van derde partye verkry, aanvul.

# Versameling en gebruik van standaardinligting oor jou foon

Wanneer jou foon geaktiveer is en jy Internet-geaktiveerde kenmerke gebruik, word inligting oor jou foon ("standaard- toestelinligting") na Microsoft en/of die webwerwe wat jy besoek en

aanlyndienste wat jy gebruik, gestuur. Microsoft gebruik standaard- toestelinligting om jou foon te waarmerk, Internet-geaktiveerde dienste aan jou te verskaf, met foutspeuring te help, ons produkte en dienste te help verbeter, te help om jou sagteware bygewerk te hou, en vir analise. Indien ’n bepaalde kenmerk of diens inligting aan Microsoft stuur, sal dit ook standaard- toestelinligting stuur. Ons kan moontlik aktiveringsdata met ons vennote, soos foonvervaardigers of selfoonoperateurs, deel. Hierdie data sal nie gebruik word om jou te kontak nie.

Standaard- toestelinligting sluit gewoonlik inligting soos jou IP-adres, bedryfstelselweergawe, blaaierweergawe, en streek- en taalinstellings in. In sommige gevalle kan dit ook die volgende bevat: ’n deel van jou Internasionale Selfoonintekenaaridentiteit (IMSI), Internasionale Selfoontoerustingidentiteit (IMEI), unieke ID's wat ons vir jou foon genereer, en ander foonidentifiseerders wat die foon se vervaardiger, naam, weergawe en selfoonoperateur aandui. Microsoft sal moontlik inligting soos die volle IMSI en die foonnommer wat met jou foon verband hou, moet bymekaarmaak om selfoonoperateurfakturering en sekuriteit te fasiliteer indien jy 'n Microsoft-rekening van jou foon af opstel. Ons kan ook inligting, wat standaard- toestelinligting insluit, met selfoonoperateurs vir doeleindes soos toetsing en diagnostiek deel.

# Bymekaarmaak en gebruik van foon- en diensmagtigingsbewyse

Aanmeldmagtigingsbewyse vir Microsoft- en derdepartydienste kan moontlik op jou foon gestoor word om toegang tot dienste te vergemaklik. Ons kan moontlik ook die domeinnaam van e-posadresse wat jy invoer, nagaan om te bepaal of jy verwante rekeninge in Office 365 het. As jy ’n Microsoft-rekening met jou foon assosieer, word daardie magtigingsbewyse (’n e-posadres en wagwoord) outomaties op jou foon gestoor. Op dié manier het jy nie nodig om elke keer wat jy kenmerke soos die Winkel en Xbox LIVE gebruik aan te meld nie. Raadpleeg die Microsoft-rekening afdeling hieronder.

Aanmeldmagtigingsbewyse vir derdepartydienste en Wi-Fi-netwerke kan moontlik ook op soortgelyke wyse op jou foon gestoor word. Hierdie magtigingsbewyse kan, afhangende van die diens, 'n regte wagwoord of 'n koepon wees; 'n koepon is soos 'n elektroniese sleutel wat deur die derdepartydiens verskaf word, wat in plaas van 'n wagwoord vir waarmerking gebruik word. Gebruikersname en wagwoorde kan in party gevalle moontlik ook op die Microsoft-bedieners gestoor word indien jy besluit om jou inhoud te rugsteun of jou instellings te sinchroniseer. Raadpleeg Rugsteun en Sinchroniseer jou instellings hieronder.

# Bymekaarkmaak en gebruik van liggingsinligting

"Liggingsdienste" op Windows-fone verwys na foonsagteware en aanlyndienste wat liggingsdata gebruik om die foon se toepassings of kenmerke, en webwerwe wat jy besoek, by te staan om beter, verpersoonlikte ervarings op grond van jou foon se ligging te bied. Die Microsoft-ligging posisioneringsdatabasis is ’n aanlyndiens wat jou foon se benaderde ligging uitwerk om die liggingsdienste wat oop is op jou foon by te staan.

As jy die liggingsdienste aanskakel, sal gemagtigde toepassings, webwerwe en Windows Phone-kenmerke toegang tot jou foon se ligging kan verkry en dit gebruik. Indien jy ’n derdepartytoepassing gebruik, sal dit jou foon se ligging volgens hulle privaatheidspraktyke gebruik. Voordat jy ’n toepassing installeer, sal jy in die toepassing se beskrywing kan sien of dit ligging gebruik.

As jy ’n toepassing of kenmerk toelaat om jou ligging te gebruik, kan Windows Phone vir die toepassing laat weet wanneer jou foon binne of buite geografiese grense genaamd geoheinings, wat deur die toepassing bepaal word, beweeg. ’n Toepassing kan jou byvoorbeeld toelaat om 'n onthounota te stel om kruideniersware te koop wanneer jy klaar gewerk is. Jy kan onder ligginginstellings sien of jou foon enige geogrense monitor.

Die Microsoft-liggingposisioneringsdatabasis bevat beperkte inligting oor nabygeleë Wi-Fi-toegangspunte en selfoontorings wat ons gebruik om doeltreffender liggingsdienste te help verskaf. Dit sluit nie inligting in wat jou of jou foon spesifiek identifiseer nie, en stel Microsoft nie in staat om jou of jou foon op te spoor nie. Die individuele toepassings of kenmerke wat jy besluit om te gebruik, en die webwerwe wat jy besoek (insluitend dié wat Microsoft bied), kan liggingsinligting in verband met jou rekening of jou foon hou. Gaan asseblief die privaatheidsbeleide na van die webwerwe, toepassings en kenmerke wat jy toelaat om toegang tot jou foon se ligging te kry, om meer te wete te kom oor hoe hulle die liggingsinligting wat hulle aanvra, gebruik.

Jy moet eers toegang verleen voordat Microsoft die Wi-Fi-toegangspunt- en selfoontoringinligting wat hieronder beskryf word, kan bymekaarmaak, en voordat 'n toepassing, kenmerk of webwerf toegang tot jou foon se ligging kan kry.

# Liggingposisioneringsdatabasis

As jy elke keer ’n toepassing, kenmerk of webwerf toegang tot jou foon se ligging gee as dit die ligging vra, kan Microsoft se liggingposisioneringsdatabasis inligting oor nabygeleë selfoontorings, Wi-Fi-toegangspunte en beskikbare globale posisioneringstelsel- (GPS-) bymekaarmaak en dit gebruik om jou foon se benaderde ligging te bepaal en die databasis vir toekomstige versoeke te verbeter.

As jy byvoorbeeld Wi-Fi op jou foon geaktiveer het, en as jy ’n toepassing of webwerf toegang tot jou foon se ligging gee, kan Microsoft se liggingposisioneringsdatabasis die Mediatoegangsbeheer-

(MAC-) adresse en inligting oor beskikbare Wi-Fi-toegangspunte se seinsterkte bymekaarmaak. Net so kan beskikbare selfoontorings se identifiseerders en seinsterkte bymekaargemaak word as jy aan 'n selfoonnetwerk gekoppel is. Indien GPS beskikbaar is, kan die breedtegraad, lengtegraad, hoogte, spoed en rigting van die foon wat deur die GPS verskaf word, aangeteken word.

Microsoft se liggingposisioneringsdatabasis gebruik hierdie inligting om jou foon se benaderde ligging na die toepassing, kenmerk of webwerf te stuur. Die liggingsinligting wat verskaf word, kan moontlik die breedtegraad, lengtegraad, spoed, rigting en hoogte van jou foon ten tye van die versoek insluit. Dit sluit nie identifiseerbare inligting oor beskikbare selfoontorings of Wi-Fi-toegangspunte, soos MAC-adresse of selfoontoringidentifiseerders, in nie.

Ons kan vertroude derdeparty-liggingposisioneringsdatabasisse of -dienste, soos Nokia se databasis, gebruik om beter liggingposisionering op jou foon te verskaf. Wanneer ’n toepassing op jou foon byvoorbeeld ligging aanvra, kan ons ook ’n vennoot se liggingposisioneringsdatabasis raadpleeg om jou foon in staat te stel om sy ligging meer akkuraat te bepaal. Die vennootdatabasis sal, net soos die Microsoft liggingposisioneringsdatabasis, inligting oor nabygeleë selfoontorings en Wi-Fi-toegangspunte en GPS-data ontvang, maar sal geen inligting wat jou of jou foon spesifiek identifiseer, ontvang nie.

# Spesifieke Toepassing Liggingstoegang

Om liggingsdienste te gebruik, hou die hoofskakelaar vir jou foon se liggingsdienste **Aan**. Indien die hoofskakelaar vir liggingsdienste **Af**is, sal Microsoft nie inligting oor nabygeleë Wi-Fi-toegangspunte en selfoontorings kan bymekaarmaak nie, en sal toepassings, kenmerke en webwerwe nie die foon se ligging kan gebruik nie, selfs al beplan jy om dit in 'n spesifieke geval toe te laat. Om alle toepassings, kenmerke en webwerwe se toegang tot jou foon se ligging te deaktiveer, gaan na **Instellings** > **ligging** en sit die **Liggingsdienste**-skakelaar **Af**. As jy later liggingsdienste se hoofskakelaar **Aan**sit, sal jou toepassingsvlak se ligginginstellings (sien hieronder) teruggelaai word.

Daarby moet jy ook aan 'n spesifieke toepassing, kenmerk of webwerf toegang tot jou foon se ligging gee, voordat jou foon liggingsdienste sal gebruik. As jy voorheen sodanige toegang geaktiveer het, kan jy later in die toepassing se instellings toegang tot jou foon se ligging deaktiveer. Byvoorbeeld, om die kaart-toepassing se toegang tot jou foon se ligging te deaktiveer, gaan na **Instellings** > **toepassings** > **kaarte** en sit die **gebruik my ligging**-skakelaar **Af**. Let wel: Hierdie kenmerk geld dalk nie vir toepassings van derde partye wat jy op die foon geïnstalleer het nie. In sulke gevalle sal jy dalk die toepassing moet deïnstalleer, of die hoofskakelaar moet afskakel om die toepassing se gebruik van ligging te deaktiveer.

# Wi-Fi-toegangspuntdatabasis

Microsoft hou ook ’n gids van openbare Wi-Fi-netwerke by om Windows Phone-gebruikers te help om gewilde Wi-Fi-warmkolle te vind en soontoe te gaan. Die Wi-Fi-toegangspuntdatabasis maak staat op inligting wat bymekaargemaak word namate Windows-fone aan warmkolle koppel, en op inligting wat Microsoft direk by openbare Wi-Fi-operateurs kry.

Jy kan help om hierdie kenmerk te verbeter wanneer jy jou Wi-Fi-diens gebruik deur beperkte inligting aan Microsoft te stuur, insluitend kenmerke van jou foon soos die vervaardiger, model, selfoondiensverskaffer, en ander standaard- toestelinligting, asook die standaardidentifiseerders van die Wi-Fi-netwerke wat jou foon bespeur. Hierdie inligting help ons met aannames oor hoe warmkolle benut word, en watter die beste vir sekere soorte toestelle behoort te wees, maar dit word nie gebruik om jou of jou toestel spesifiek te identifiseer nie. Jy kan hierdie kenmerk aanskakel deur die **Aanbeveel**-instellings te kies wanneer jy jou foon opstel. Of, as jy pasgemaakte instellings kies, deur die volgende instelling te aktiveer **Stuur inligting oor Wi-Fi-verbindings om nabygeleë Wi-Fi te help bespeur**. Jy kan hierdie instelling ook te eniger tyd verander by **Instellings** > **stelsel** > **Wi-Fi** > **bestuur**.

# Verberging van persoonlike Wi-Fi-toegangspunt

Indien jy ’n Wi-Fi-toegangspunt of roeteerder het en dit van Microsoft se liggingposisioneringsdatabasis of openbare Wi-Fi-toegangspuntdatabasis wil uitsluit, kan jy die MAC-adres na Microsoft se blokkeerlys stuur by go.microsoft.com/fwlink/?LinkID=223681. Ons sal hierdie MAC-adresse en enige verwante data van die databasisse uitsluit. Ons sal ook nie MAC-adresse wat deur hierdie proses ingedien is in navrae oor liggingposisionering na databasisvennote deurgee wanneer ons hulle gebruik nie.

# Deel jou ligging tydens aktivering

Jy kan Microsoft help om uit te vind waar mense hulle Windows-fone opstel, ten einde ons produkte en dienste te verbeter, deur jou ligging te stuur wanneer jy jou foon aktiveer. As jy besluit om dit te doen, sal jou foon se GPS-koördinate en 'n toestel-identifiseerder na Microsoft gestuur word nadat jy die opstelproses voltooi. As jou foon nie aan GPS kan koppel nie, sal ons Microsoft-liggingsdienste gebruik om jou benaderde ligging vas te stel. Hierdie dienste sal sellulêre data gebruik, wat koste kan meebring. Die merkblokkie verskyn tydens die opstelproses, en stuur eers hierdie inligting wanneer jou foon geaktiveer word; jy kan die blokkie ontmerk en nie hierdie inligting stuur nie.

# Inligting wat ons met ander deel

Jou inligting sal nie sonder jou toestemming aan derde partye (nie-Microsoft-beheerde filiaalmaatskappye en affiliate) oorgedra word nie, behalwe waar hierdie privaatheidsverklaring sê dit kan. Ons stel soms ander maatskappye aan om beperkte dienste namens ons te verskaf, soos om aankope en ander posstukke te versend en af te lewer, kliënte se vrae oor produkte en dienste te antwoord, registrasie vir geleenthede te hanteer, of om osn dienste statisties te ontleed. Ons sal slegs die inligting wat daardie maatskappye nodig het om die diens te verskaf aan hulle deurgee, en hulle word verbied om daardie inligting vir enige ander doel te gebruik.

Microsoft mag toegang tot inligting oor jou kry en dit bekendmaak, insluitend die inhoud van jou kommunikasie, om: (a) die wet na te kom of aan wettige versoeke of regsprosesse te voldoen; (b) die regte of eiendom van Microsoft of ons kliënte te beskerm, insluitend die afdwing van ons ooreenkomste of beleide wat jou gebruik van die sagteware beheer; of (c) in goeder trou op te tree in die oortuiging dat sodanige toegang of bekendmaking nodig is om die persoonlike veiligheid van Microsoft-werknemers, -kliënte of die publiek te beskerm. Ons kan dalk ook jou inligting as deel van ’n korporatiewe transaksie soos ’n samesmelting of bateverkoping bekendmaak.

# Kinders

Windows Phone is nie bedoel vir gebruik deur kinders sonder toestemming deur hul ouers nie. Afhangende van die land, kan ons moontlik ouertoestemming benodig om ’n Microsoft-rekening vir ’n kind onder 13 (ouer in sommige jurisdiksies) oop te maak. Die verleen van toestemming om ’n Microsoft-rekening te skep, sal jou kind in staat stel om enige Microsoft-diens te gebruik wat van die Microsoft-rekening afhang; baie van hierdie dienste vereis die insameling van sekere persoonlike en ander inligting, en kan 'n kind in staat stel om met ander te kommunikeer. Ouers kan toestemming wysig of terugtrek deur die kind se rekeninginstellings vanaf hulle eie Microsoft-rekening te verander. Om meer oor Microsoft-rekeninge uit te vind, raadpleeg asseblief Microsoft-rekening hieronder.

# Vertoon van reklame

Party webwerwe wat jy besoek en party toepassings wat jy by die Winkel aflaai, kan moontlik advertensies op Microsoft se reklameplatform vertoon – insluitend verpersoonlikte advertensies wat ons reken jou dalk mag interesseer. Microsoft Advertising kan ook derdeparty-reklamemaatskappye gebruik om advertensies in toepassings wat ons reklameplatform gebruik te vertoon. Wanneer ons dit doen, kan ons moontlik ’n unieke ID saam met die reklameversoek na daardie derde partye stuur.

**Jy kan besluit om nie verpersoonlikte advertensies van Microsoft Advertising te ontvang nie, en om die stuur van ’n unieke ID aan derdeparty-reklamenetwerke wat deur**

**Microsoft Advertising gebruik word te beëindig, deur ons te besoek by** uittekenbladsy. Meld net aan met die Microsoft-rekening wat jy met jou Windows-foon verbind het, en waarmee jy toegang tot die Winkel verkry, en kies die **Verpersoonlikte advertensies ongeag waar ek my Microsoft-rekening gebruik** uitteken-opsie. Vir meer inligting oor hoe Microsoft Advertising inligting bymekaarmaak en gebruik, raadpleeg asseblief die Microsoft Reklame Privaatheidsverklaring. Nadat jy verpersoonlikte reklame geweier het, sal jy generiese advertensies in plaas van verpersoonlikte advertensies van Microsoft Advertising ontvang.
Webwerwe wat jy besoek en toepassings wat jy by die Winkel aflaai, kan moontlik ook ander reklameplatforms as die Microsoft Advertising-platform gebruik. Microsoft het geen beheer oor die ander advertensienetwerke se aktiwiteite in sulke gevalle nie. Microsoft beveel aan dat jy die privaatheidsbeleide en -praktyke van die toepassings wat reklame vertoon nagaan, om uit te vind watter inligting hulle aan advertensienetwerke deurgee, insluitend ander advertensienetwerke as Microsoft se reklameplatform, en watter bykomende toepassingbeheermaatreëls oor die vertoon van reklame bestaan. Jou foon kan 'n unieke identifiseerder aan toepassings verskaf om hulle in staat te stel om meer relevante advertensies te verskaf. Om meer uit te vind, raadpleeg die **Reklame-identifiseerder**-afdeling.

# Hoe ons met jou kommunikeer

Wanneer jy op 'n Microsoft-rekening aanmeld of een oopmaak, sal ons jou vra om vir ons 'n e-posadres, en toestemming om vir jou wenke en inligting te e-pos te gee. Ons kan moontlik sekere verpligte dienskorrespondensie soos verwelkoming-e-posse (wat bedoel is om jou te help om aan die gang te kom met jou foon), rekeningaanmanings, inligting oor tegniese dienskwessies en sekuriteitsaankondigings na die e-posadres stuur wat jy verskaf wanneer jy jou Microsoft-rekening skep – selfs al het jy gekies om nie verdere e-poswenke en inligting te ontvang nie. Ons kan dalk ook sekuriteitskennisgewings of wagwoord-terugstelbevestigings na die nommer wat met jou foon geassosieer word, stuur.

Indien jy promosie-e-posse van ons ontvang en dit in die toekoms wil staak, kan jy dit doen deur die aanwysings in daardie boodskap te volg. Jy kan ook kommunikasievoorkeure regstreeks bestuur deur te gaan na die Microsoft- Kommunikasievoorkeureblad.

# Inligtingberging en -oordrag

As Windows Phone inligting bymekaarmaak of na Microsoft stuur, kan dit moontlik in die Verenigde State of in enige ander land waar Microsoft of sy affiliate, filiaalmaatskappye of diensverskaffers geriewe het, gestoor en verwerk word. Microsoft gehoorsaam die VSA-EU Safe Harbor Framework en die VSA-Switserse Safe Harbor Framework, soos wat die VSA se handelsdepartement voorskryf

vir die bymekaarmaak, gebruik en retensie van data uit die Europese Ekonomiese Gebied en Switserland. Om meer oor die Safe Harbor-program te wete te kom en ons sertifisering te bekyk, besoek asseblief www.export.gov/safeharbor/.

# Jou inligting se sekuriteit

Microsoft is daartoe verbind om die sekuriteit van jou inligting te help beskerm. Ons gebruik ’n verskeidenheid sekuriteitsprosedures en -tegnologie om jou inligting te help beskerm teen ongemagtigde toegang, gebruik of bekendmaking. Ons stoor byvoorbeeld die inligting wat jy voorsien op rekenaarstelsels met beperkte toegang wat in beheerde geriewe geleë is.

Ons beveel sterk aan dat jy stappe doen om inligting op jou foon met behulp van die sluitskermwagwoord-kenmerk te beskerm. Hierdie kenmerk stel jou in staat om 'n wagwoord te vereis om die meeste toepassings en inligting op jou foon oop te maak wanneer dit gesluit is. Om hierdie kenmerk aan te skakel, gaan na **Instellings** > **stelsel** > **sluitskerm** en skakel die wagwoord **Aan**. Jy kan ook stel hoe lank jou skerm rustend moet wees voor dit afgaan en sluit. Wanneer jy ’n beursie in jou foon opstel, kan jy besluit om dit ook met ’n "Beursie-PIN" te beskerm. Raadpleeg Beursievir meer inligting.

As jy ’n maatskappyrekening skep wat jou toegang tot korporatiewe e-pos of toepassings gee, kan die onderneming beleide op jou foon toepas wat die sluitskermwagwoord-kenmerk vereis of wysig. Raadpleeg E-pos + Rekeninge vir meer inligting. Jou administrateur kan moontlik ook BitLocker® foonenkripsie toepas. As jou foon weg of gesteel is, en as jy jou foon met ’n wagwoord gesluit het, help BitLocker-enkripsie om dit moeiliker vir ’n aanvaller te maak om sensitiewe inligting uit die foon te herwin. Let asseblief daarop dat data wat op SD-kaarte (verwyderbare geheuekaarte wat jy insit) gestoor is, nie geënkripteer is nie, al is BitLocker toegepas.

# Veranderinge aan hierdie privaatheidsverklaring

Ons sal van tyd tot tyd hierdie privaatheidsverklaring bywerk om veranderinge in ons produkte en dienste te weerspieël, en om ons praktyke op grond van ervaring en kliëntterugvoer uit te klaar. Wanneer ons iets verander, sal ons die “laas bygewerk”-datum bo-aan hierdie verklaring bywerk. Indien daar wesenlike veranderinge aan hierdie verklaring gemaak word of aan hoe Microsoft jou inligting gaan gebruik, sal ons jou in kennis stel deur óf ’n prominente kennisgewing van sodanige veranderings te plaas vóór die verandering geïmplementeer word, of deur ’n kennisgewing direk aan jou te stuur. Ons moedig jou aan om hierdie privaatheidsverklaring van tyd tot tyd na te gaan om ingelig te wees oor hoe Microsoft jou inligting bymekaarmaak, gebruik en beskerm.

# Vir meer inligting/toegangsversoeke

Microsoft verwelkom jou opmerkings oor hierdie privaatheidsverklaring. As jy vrae oor hierdie verklaring het, reken dat ons dit nie nagekom het nie, of toegang wil vra tot die inligting wat ons oor jou bymekaargemaak het, kontak ons asseblief met behulp van ons webvormwebvorm of gebruik die kontakinligting wat hieronder verskaf word.

Microsoft Privacy Microsoft Corporation One Microsoft Way Redmond, Washington 98052 VSA

# Bykomstigheidstoepassings

Bykomstighede is toestelle wat saam met jou foon werk of daarmee sinchroniseer. Voorbeelde van toestelle wat bykomstighede kan wees, is slimhorlosies, slimhouers, fiksheidmeters en wekkers.

### Party bykomstighede kan kennisgewings vanaf jou foon ontvang wat hulle op die bykomstigheidtoestel kan vertoon. Kennisgewings kan inligting soos die volgende insluit:

- Oproepkennisgewings, insluitend beller-ID
- SMS-boodskappe, insluitend afsender en lyfteks
- Onthounotas
- Alarms
- Kennisgewings van derdeparty-toepassings
- E-posboodskappe
- Mediaterugspeel-metadata

Die kennisgewings sluit die waarskuwing in dat die geleentheid plaasgevind het, maar ook data wat daarmee geassosieer word – soos die lyfteks van die SMS of besonderhede van die kalender-onthounota. Hierdie funksionaliteit maak dit moontlik om jou foon in jou sak of handsak te hou, maar steeds inligting oor foonkennisgewings op jou meegaande bykomstigheid te ontvang.

Bykomstighede ontvang kennisgewings via ’n bykomstigheidstoepassing wat in die agtergrond op jou foon loop. Hoe ’n bykomstigheidstoepassing jou kennisgewingdata soos die inhoud van jou teksboodskappe gebruik, is onderhewig aan die derde party se privaatheidspraktyke.

Jou foonvervaardiger kan moontlik ’n voorafgeïnstalleerde bykomstigheidstoepassing verskaf om slimhouers te steun. ’n Slimhouer stel jou in staat om op jou foon te werk terwyl die foon gesluit en die omslag toe is. Dit kan byvoorbeeld vir jou die tyd of jou kennisgewings wys. Wanneer ’n

slimhouer aan jou toestel gekoppel is, sal die bykomstigheidstoepassing outomaties toegelaat word om kennisgewings vanaf jou foon te ontvang. Jy kan hierdie instelling te eniger tyd verander.

**Jou keuses:**

### Om te verander of ’n bykomstigheidstoepassing jou kennisgewings sal ontvang:

1. Gaan na **Instellings** > **bykomstigheidstoepassings**.
2. Kry die bykomstigheidstoepassing waarvoor jy kennisgewings wil aktiveer of deaktiveer, en sit die skakelaar **Aan** of **Af**.

# Reklame-identifiseerder

Windows Phone stel toepassings in staat om toegang tot ’n unieke identifiseerder vir elke toesteleienaar te kry om meer relevante advertensies te verskaf. Jy kan te eniger tyd na reklame-ID onder instellings gaan en toegang tot hierdie identifiseerder terugstel of afskakel. As jy hierdie instelling afskakel, word geen inligting na toepassings wat jou reklame-identifiseerder aanvra, gestuur nie. As jy op 'n kind se Microsoft-rekening aanmeld, word die reklame-identifiseerder gedeaktiveer. As jy aan toepassings toegang tot die reklame-identifiseerder gee, sal Windows Phone dit aan alle toepassings wat dit aanvra, verskaf. Toepassings kan hierdie inligting moontlik stoor of stuur. Jou reklame-identifiseerder word deur toepassingontwikkelaars en reklamenetwerke gebruik om meer relevante advertensies aan jou te verskaf deur te verstaan watter toepassings jy gebruik en hoe jy dit gebruik. Dit kan ook deur toepassingontwikkelaars gebruik word om diensgehalte te verbeter deur hulle in staat te stel om die frekwensie en doeltreffendheid van advertensies te bepaal, en om bedrog- en sekuriteitskwessies te bespeur. Indien jy ’n derdepartytoepassing gebruik, is die manier hoe die toepassing jou reklame-identifiseerder gebruik onderhewig aan die derde party se privaatheidspraktyke.

Party webwerwe wat jy besoek en party toepassings wat jy by die Winkel aflaai, kan moontlik advertensies op Microsoft se reklameplatform vertoon – insluitend verpersoonlikte advertensies wat ons reken jou dalk mag interesseer. Om meer oor Microsoft Advertising en jou keuses te wete te kom, raadpleeg die Vertoon van reklame-afdeling.

**Jou keuses:**
Indien jy snelinstellings kies wanneer jy Windows Phone opstel, sal Windows Phone toepassings toelaat om toegang tot jou reklame-identifiseerder te kry. Jy kan dit by reklame-ID onder instellings verander nadat jy Windows Phone opgestel het.

### Om die reklame-ID aan of af te skakel:

1. Gaan na Instellings > stelsel > reklame-ID.

2. Sit die **Reklame-ID**-skakelaar **Aan** of **Af**.

### Om jou reklame-ID terug te stel:

1. Gaan na Instellings > stelsel > reklame-ID.

2. Tik die **Stel jou reklame-ID terug**-knoppie.

# Agtergrondtake

Sekere toepassings kan voortgaan om in die agtergrond op jou foon te loop, selfs al is hulle nie oop nie, sodat die toepassings vinniger kan oopmaak en sodat jou foon makliker tussen toepassings kan wissel. ’n Toepassing kan byvoorbeeld moontlik van tyd tot tyd sy ligging bywerk of inligting van die web aflaai, sodat dit beskikbaar is wanneer jy die toepassing oopmaak.

Jy kan onder Instellings ’n lys van die toepassings kry wat in die agtergrond op jou foon loop. Party toepassings bied die opsie om hulle vermoë om in die agtergrond te loop aan of af te skakel, maar jy sal moontlik nie hierdie vermoë vir alle toepassings kan deaktiveer nie. In daardie geval kan jy die toepassing van jou foon af verwyder as jy nie wil hê dit moet in die agtergrond loop nie.

**Jou keuses:**

### Om uit te vind watter toepassings op jou foon in die agtergrond kan loop:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **batteryspaarder** > **gebruik**. Toepassings wat sê **toegelaat** kan in die agtergrond loop.

Om te kies of ’n toepassing in die agtergrond kan loop:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **batteryspaarder** > **gebruik**.

2. Tik op die toepassing wat jy wil keer om in die agtergrond te loop.

3. Sit die **Laat toepassing toe om in die agtergrond te loop**-skakelaar **Aan** of **Af**.

# Rugsteun

Wanneer jy met ’n Microsoft-rekening op jou foon aanmeld, kan jy kies om sekere inhoud en instellings outomaties op Microsoft-bedieners te stoor sodat jy ’n rugsteun het as iets voorval, of as jy 'n ander foon kry. Wanneer jy die foon opstel, sal die foon vir jou vra: "Rugsteun jou goed?" Hierdie keuse skakel die volgende aan: outomatiese oplaaie van beperkte-resolusie foto's na OneDrive wanneer jy dit neem, deurlopende sinchronisasie van jou SMS- en MMS-boodskappe met

jou Outlook.com-rekening, en die skep van daaglikse rugsteunkopieë vanaf jou foon. Daaglikse rugsteun sluit die volgende in: ’n lys van toepassings wat jy geïnstalleer het, data van toepassings wat rugsteunvermoë het, en baie van jou foon se instellings, soos jou temakleur, wagwoorde wat jy gestoor het, jou Internet Explorer-gunstelinge, woorde wat jy by jou foon se woordeboek evoeg het, jou luitone en meer.

Jy kan ook jou rugsteuninstellings ná jou aanvanklike foonopstelling bestuur. Jy kan byvoorbeeld besluit om, buiten jou foto's, ook video's na OneDrive op te laai, of besluit of toepassingdata gerugsteun moet word.

As jy rugsteun aanskakel, sal jou foon een keer per dag (gewoonlik snags) via ’n Wi-Fi-verbinding probeer om ’n rugsteun van jou instellings te stoor. As jou foon meer as 'n week lank nie aan Wi-Fi koppel nie, sal jou foon egter probeer om ’n rugsteunkopie via 'n sellulêre dataverbinding te stuur, afhangende van jou Data-insig-instellings (wat jou in staat stel om jou datagebruik op grond van jou dataplan te bestuur). Om jou privaatheid te help beskerm, word alle rugsteunkopieë geënkripteer via SSL gestuur.

**Jou keuses:**
Om rugsteun tydens foonopstelling aan te skakel, kies ja wanneer jy gevra word: "Rugsteun jou goed?"

### Om enige van jou rugsteuninstellings en -opsies te eniger tyd te verander:

1. Gaan na **Instellings > stelsel >rugsteun.**
2. Tik op **toepassings+instellings**, SMS-boodskappe, of **foto's+video**, en volg die skermaanwysings vir instruksies en opsies.

### Om vroeëre rugsteunkopieë van toepassing + instellings te skrap (dit sal nie 'n uitwerking hê op boodskappe of foto's en video's nie; dié moet onderskeidelik met Hotmail/Outlook en OneDrive bestuur word):

1. Gaan na **Instellings** > stelsel > **rugsteun** > **toepassings + instellings**.
2. Tik die **bestuur rugsteunkopieë**-knoppie.
3. Tik die **skrap**-knoppie.

Raadpleeg Pratery en Foto's + Kamera vir meer besonderhede oor daardie kenmerke.
Let daarop dat ’n paar fooninstellings en ander inligting soos wagwoorde by verstek met Microsoft-bedieners en jou ander Windows-toestelle gesinchroniseer word as jy met ’n Microsoft-rekening aanmeld. Om meer oor jou keuses vir sinchroniseerinstellings en -inligting te wete te kom, raadpleeg die **Sinchronisasie-instellings**-afdeling.

# Kalender

Die Kalendertoepassing help jou om tred te hou met jou afsprake, geleenthede en take. Jy kan kalendergeleenthede direk in die Kalendertoepassing byvoeg, skrap of wysig. As jy ’n derdeparty-rekening bygevoeg het onder **e-pos+rekeninge** in Instellings, sal kalenderinligting van daardie rekening af op die Kalendertoepassing verskyn. Ander toepassings op jou foon kan jou kalender lees of wysig, of hulle eie kalenderinligting verskaf wat in die Kalendertoepassing vertoon word.

As jy Kalender toelaat om jou toestel se ligging te gebruik, sal dit ook die daaglikse weervoorspelling vertoon as dit beskikbaar is.

**Jou keuses:**

### Om te kies of Kalender jou ligging kan gebruik:

1. Maak Kalender oop en kies **instellings** uit die onderste kieslys.
2. Merk of ontmerk die **Gebruik my ligging**-merkblokkie.

# Cortana

Cortana is soos ’n persoonlike assistent op jou foon wat daar is om jou dag en die gebruik van jou foon gladder te laat verloop. Cortana kan tred hou met goed wat jou interesseer, jou in staat stel om 'n oomblik stilte te geniet wanneer jy wil, jou help om goed vinnig op jou foon gedoen te kry, soos om iets by jou kalender te voeg, ’n oproep te maak, ’n nota te skryf, wekkers te stel en heelwat meer. Dit kan ook vir jou verpersoonlikte onthounotas, voorstelle, soekresultate, toepassingsaanbevelings en meer verskaf. Sê vir Cortana jy wil die volgende uur slegs oproepe van spesifieke persone ontvang, en geen ander oproepe sal deurkom nie. Gebruik Cortana om te sien of jy enigiets vir volgende Dinsdag om 4:00 geskeduleer het. Cortana kan jou op baie maniere help. Jy kan Cortana te eniger tyd afskakel – raadpleeg **Jou keuses** hieronder.

Cortana werk die beste wanneer dit meer oor jou en jou aktiwiteite te wete kan kom deur inligting vanaf jou foon, jou Microsoft-rekening, derdeparty-dienste, en ander Microsoft-toepassings en dienste te benut. Cortana verskaf ook verpersoonlikte toepassingsaanbevelings in die Winkel. Microsoft versamel en gebruik verskillende tipes inligting, soos jou foonligging, inligting uit jou kalender, die toepassings wat jy benut, spesifieke inligting uit jou e-posse, SMS-boodskappe en jou kontakte om verpersoonlikte ervarings en relevante voorstelle te verskaf, en Cortana en ander dienste te verbeter. Cortana kom ook meer oor jou te wete deur inligting te versamel oor hoe jy jou foon gebruik, soos die musiek wat jy op jou foon speel, jou alarminstellings, of die sluitskerm aan is, waarna jy in die Winkel kyk en wat jy koop, en meer. Microsoft sal inligting wat deur Cortana

versamel is, gebruik om ander Microsoft-produkte en dienste te verpersoonlik en te verbeter.

Jy kan Cortana op drie maniere kry:

- Druk die Soek-knoppie – jy sal sien Cortana groet jou. Vee opwaarts om jou belangstellings te sien, of tik op die mikrofoon om met haar te praat.
- Tik die Cortana-teël op die Beginskerm – dit vat jou reguit na die belangstellings wat Cortana vir jou reg hou.
- Druk en hou die Soek-knoppie in – dit sal Cortana aktiveer, ongeag wat jy op jou foon doen, selfs al is jou foon gesluit. Jy kan hierdie instelling te eniger tyd verander.

# Liggingsdienste

Cortana gebruik ligginginligting om vir jou die mees relevante resultate te gee as jy vir iets vra, en om voorstelle te maak wat jou help om tyd te spaar. Cortana raak vertroud met roetes wat jy gereeld gebruik en verskaf bygewerkte inligting oor verkeer op daardie roetes, sodat jy betyds vir jou volgende afspraak kan vertrek. As jy Cortana vra om jou te herinner om melk by die kruidenierswinkel te koop, sal Cortana jou ligging nagaan en jou herinner wanneer jy by die winkel kom. Of jy kan Cortana vra om ’n nabygeleë restaurant te vind waar jy 'n tafel kan bespreek. Cortana gaan gereeld jou foon se ligging na en stuur dit aan Microsoft om hierdie diens te lewer. As jy voorheen in ander Microsoft-dienste soos Local Scout of Bing vir Microsoft toestemming gegee het om jou ligging te rapporteer, kan Cortana dit moontlik ook gebruik om wonderlike voorstelle aan jou te doen. Cortana kan slegs werk as liggingsdiensteaan is, so as jy dit afskakel, sal Cortana gedeaktiveer word. Jy kan jou gestoorde plekke wat Cortana gebruik, bestuur – raadpleeg **Jou keuses** hieronder.

# Teksboodskappe en e-pos

Cortana kan tye en datums in e-posse en teksboodskappe bespeur, sodat jy maklik geleenthede by jou kalender kan voeg. As jy byvoorbeeld ’n teksboodskap kry wat sê "Kom ons kry mekaar Saterdag 7nm vir aandete", kan jy die onderstreepte skakel tik om ’n gebeurtenis met daardie besonderhede by jou kalender te voeg. Hierdie herkenning gebeur slegs op jou foon – geen inligting word aan Microsoft gestuur totdat jy die kalendergebeurtenis byvoeg nie.

Cortana kan jou ook outomaties op die hoogte hou van goed wat vir jou belangrik is. Wanneer jy byvoorbeeld ’n boodskap kry wat vluginligting of ’n pakkie se nasporingsnommer bevat, sal Cortana outomaties die vlug of die pakkie vir jou begin dophou, en vir jou bywerkings oor die vlug- of afleweringstatus deurgee. Jy kan opletnotas kry as ’n vlug vertraag is, of as jou pakkie aankom.

Cortana bespeur hierdie inligting in boodskappe wat op jou foon ontvang word. Jy kan opsporing van hierdie inligting in Instellings deaktiveer.

# Spraak

Om Cortana te help om jou uitspraak en jou stemopdragte beter te verstaan, stuur Cortana spraakdata na Microsoft om verpersoonlikte spraakmodelle te bou, en spraakherkenning vir Cortana en ander Microsoft-produkte en -dienste te verbeter. Spraakinligting wat aan Microsoft gestuur word, sluit stemopnames, asook verwante prestasie-inligting (soos veranderinge wat jy per hand aan teks en die finale teksresultaat aanbring) in. Cortana versamel en gebruik ook ander inligting, soos die name van jou kontakte, hoe gereeld jy hulle bel, die titels van jou kalendergebeurtenisse en woorde wat jy by die woordeboek gevoeg het.

# Gebruik Cortana wanneer jou foon gesluit is

Wanneer jy die Soek-knoppie druk en inhou, sal Cortana geaktiveer word, selfs al is jou foon gesluit. Cortana kan sommige take namens jou voltooi, sonder dat jy jou sluitskerm-wagwoord hoef in te voer. Jy kan byvoorbeeld jou kontakte bel, teksboodskappe stuur, jou kalender bekyk of verander, of ’n wekker stel sonder om jou foon te ontsluit. Cortana kan moontlik sekere persoonlike inligting vertoon, soos jou kalendergebeurtenisse of die naam van ’n kontak wat jy haar vra om te bel, om jou te help om hierdie take te voltooi. As jy nie wil hê Cortana moet op stemopdragte reageer terwyl jou foon gesluit is nie, kan jy hierdie instelling te eniger tyd verander; raadpleeg **Jou keuses** hieronder.

# Toepassings en dienste

Cortana gebruik data wat deur ander Microsoft-toepassings en -dienste versamel is om verpersoonlikte voorstelle te verskaf. Cortana kan byvoorbeeld outomaties inligting oor die sportspanne wat jy volg, in die Bing Sports-toepassing vertoon. Dit leer ken ook jou gunstelingplekke deur die Bing Kaarte-toepassing en jou aktiwiteit in Local Scout, sodat dit beter voorstelle kan maak. Jou belangstellings in Cortana se Notaboek kan ook deur ander Microsoft-toepassings en -dienste soos Bing of Bing Apps gebruik word om jou profielbelangstellings, -voorkeure en -gunstelinge in daardie toepassings te pasmaak. As jy in Cortana-instellings op Facebook aanmeld, stel dit Cortana en Bing in staat om vir jou meer verpersoonlikte aanbevelings te gee, en gee dit Microsoft toegang tot sekere Facebook-inligting. Vir meer inligting, raadpleeg die Facebook Verpersoonliking-afdeling van die Bing-privaatheidsverklaring by hier.

# Blaaigeskiedenis

As jy besluit om jou selfoonblaaigeskiedenis in Internet Explorer na Microsoft te stuur (raadpleeg die Internet Explorer -afdeling), kan Cortana voorstelle verskaf op grond van die webwerwe wat jy in Internet Explorer besoek. Cortana sal nie inligting versamel oor werwe wat jy in InPrivate-duimgidse besoek nie.

# Soekgeskiedenis

Jou Bing-soeknavrae – selfs al soek Cortana namens jou – word soos enige ander Bing-soeknavrae hanteer en met ander inligting oor jou gekombineer om jou Bing-soekresultate en die relevansie van verpersoonlikte advertensies te verbeter. Jy kan uitteken op verpersoonlikte advertensies deur Microsoft deur te gaan na choice.microsoft.com. Vir verdere inligting, raadpleeg die Bing-privaatheidsverklaring by go.microsoft.com/fwlink/?LinkID=298739.

**Jou keuses:**

Indien Cortana in jou land of streek beskikbaar is, kan jy kies om dit aan te skakel terwyl jy jou foon opstel, of te enige ander tyd. Om Cortana aan of af te skakel:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Cortana**.
2. Sit die **Cortana**-skakelaar **aan** of **af**.

Wanneer Cortana aangeskakel is, kan jy Cortana-belangstellings, -onthounotas en ander instellings vir voorstelle bekyk en redigeer. As jy 'n belangstelling in Cortana se Notaboek verwyder, sal die belangstelling verwyder word, maar die inligting wat gebruik is om daardie belangstelling te skep, sal op Microsoft se bedieners bly. Om inligting wat Cortana versamel het te redigeer of uit te vee, kyk hieronder.

1. Druk die **Soek**-knoppie om Cortana oop te maak.
2. Tik die **Kieslys**-knoppie om Cortana se Notaboek oop te maak.

As jy **Aanbevole instellings** kies wanneer jy Internet Explorer die eerste keer gebruik , sal Cortana jou blaaigeskiedenis gebruik. Om hierdie instelling te verander:

1. Gaan na **Instellings** > **Toepassings** > **Internet Explorer**, en tik dan **Gevorderd**.
2. Merk of ontmerk **Stuur blaaigeskiedenis om dienste te verbeter en (waar beskikbaar) te verpersoonlik**.

Jy kan outomatiese opsporing van nasporingsinligting in e-posse (soos vluginligting) in

Instellings afskakel:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Cortana**.
2. Merk of ontmerk **Bespeur nasporingsinligting soos vlugte in e-posse op jou foon**.

Jy kan besluit of Cortana op stemopdragte moet reageer wanneer jou foon gesluit is:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **spraak**.
2. Merk of ontmerk **Laat spraak oor slot toe**.

Sodra jy Cortana afskakel, kan jy die inligting wat Cortana op Microsoft-bedieners versamel en gebruik het, bestuur. Jy kan inligting soos jou belangstellings, jou gestoorde plekke, jou soekgeskiedenis, jou spraakdata en jou IE-blaaiergeskiedenis bestuur. Daarby kan jy ander inligting wat Cortana versamel het (soos jou kalender, jou kontakte se name en inligting oor hoe jy jou foon benut) bestuur. Inligting wat jy uitvee, sal moontlik nie dadelik van ons bedieners geskrap word nie, maar sal nie meer deur Cortana gebruik word nie.

Om inligting wat Cortana aan Microsoft gestuur het te bestuur:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Cortana**.
2. Sit die **Cortana**-skakelaar af.
3. Tik **herbegin.**
4. Sodra jou foon herbegin, gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Cortana.**
5. Tik **bestuur wolkdata** om jou keuses vir redigering of uitvee van data in jou aanlynprofiel te sien.

## Om inligting wat Cortana op jou foon gestoor het uit te vee:

As jy Cortana nog nie afgeskakel het nie:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Cortana**.
2. Sit die **Cortana**-skakelaar af.
3. Tik **herbegin**.

Sodra Cortana afgeskakel is:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Cortana**.

2. Tik **skrap foondata**.

3. Tik **Skrap**.

Wanneer Cortana aangeskakel is, kan jy beheer of Cortana jou Facebook-rekening se inligting kan gebruik.

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Cortana**.

2. Onder Facebook, tik **meld aan op Facebook** of **teken uit**.

Let daarop dat steeds Facebook-verpersoonliking in ander ervarings op jou foon sal ontvang as jy Cortana afskakel nadat jy Cortana aan Facebook gekoppel het. Om Facebook te ontkoppel nadat jy Cortana afgeskakel het, raadpleeg die Verpersoonlikte voorstelle-afdeling.

Om ander soekinstellings te beheer, soos om soekterme wat Cortana of Bing op jou foon stoor te skrap:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Cortana**.

2. Tik **soekinstellings**.

# E-pos + Rekeninge

Wanneer jy ’n e-pos-rekening op jou foon byvoeg, of ’n sosialemedia-rekening aan jou Microsoft-rekening wat met jou foon geassosieer word koppel, kan jou foon – onderhewig aan die rekeninginstellings – outomaties beskikbare boodskappe, kontakte, foto's, toevoere en dokumente herwin om die inligting van hierdie rekeninge op jou foon bygewerk te help hou. As jy ’n Outlook Exchange-rekening op jou foon opstel, sal jou netwerk-administrateur in staat wees om beleide op jou foon toe te pas wat hulle in staat stel om te vereis dat jy ’n sluitskerm-wagwoord moet gebruik of jou SD-kaart moet deaktiveer. Die administrateur kan ook moontlik in staat wees om al die inhoud op jou foon op 'n afstand uit te vee (insluitend inhoud wat nie maatskappy-verwant is nie).

Wanneer jy inhoud op jou foon op sosialemedia deel, word jou inhoud gewoonlik direk op daardie netwerk gelaai. Foto's wat op sekere sosialemedia geplaas word, kan egter op OneDrive gehou word. In hierdie gevalle, wanneer jy foto's van jou foon af deel, word die foto in 'n openbare omslag op OneDrive gelaai, en word 'n skakel na die inhoud op die sosialemedia geplaas. Dit beteken dat enigiemand met toegang tot die skakel, of enigiemand op die Internet wat die lêer kry, in staat sal wees om toegang tot die inhoud op OneDrive te kry, selfs al het jy die skakel vir ’n privaat gehoor geplaas. Daarby sal enigiemand met toegang tot die openbare omslag op OneDrive ook in staat wees om, buiten die foto wat jy op sosialemedia geplaas het, toegang tot alle ander inhoud in die omslag te kry. As jy die foto op sosialemedia skrap, sal die inhoud in die openbare

omslag op OneDrive bly, tensy jy afsonderlik na OneDrive gaan en die inhoud skrap.

**Jou keuses:**

Jy kan die instellings vir die meeste tipes rekeninge wysig om jou inhoud minder dikwels, of net wanneer jy kies, by te werk.

### Om die instellings vir jou bywerkingsfrekwensie of die inhoud wat jy sinchroniseer te verander:

1. Gaan na **Instellings** > **e-pos + rekeninge**.
2. Tik die rekening wat jy wil verander.
3. In die **Laai nuwe inhoud af** -lys, kies hoe gereeld jy bygewerkte inhoud wil ontvang. As jy slegs inhoud wil ontvang wanneer jy daarvoor vra, tik **Handmatig**.
4. In die **Inhoud om te sinchroniseer** lys (waar van toepassing), ontmerk die merkblokkies van die inhoud wat jy nie wil sinchroniseer nie.

Die inhoud van Facebook-rekeninge word altyd outomaties bygewerk. As jy Facebook-bywerkings slegs op die Facebook-toepassing wil ontvang, kan jy dit onder Instellings in die Facebook-toepassing verander.

### Om 'n rekening te skrap:

1. Gaan na **Instellings** > **e-pos + rekeninge**.
2. Tik en hou die rekening wat jy wil skrap.
3. Tik **Skrap**.

# Soek my foon

Die Soek-my-foon-kenmerk stel jou in staat om jou foon op te spoor, te bel, te sluit of uit te vee vanaf die My Windows Phone-bladsy. Jy sal gevra word om jou telefoonnommer in te voer, en ons kan moontlik daardie nommer bel of 'n SMS na jou vermiste foon stuur as jy dit versoek. As jy voorheen gevra het dat jou foon gesluit moet word, sal ons instruksies om jou foon te ontsluit na die kontak-e-posadres stuur wat jy vir jou Microsoft-rekening verskaf het. Ons sal ook van tyd tot tyd sekere diagnostiese inligting oor jou foon versamel, soos jou batteryvlak, foonvermoëns (of SMS- of GPS-liggingposisionering beskikbaar is, ens.), en of die foon se sluitskerm-wagwoord of SIM-kaartslot geaktiveer is, ten einde ander kenmerke te verskaf wat jou in staat stel om die toestel op 'n afstand te sluit en/of dit uit te vee.

Daar is twee maniere waarop ons jou foon se ligging vir die Soek-my-foon-kenmerk vasstel:

1. As jy die "Stoor my ligging elke paar uur vir beter kartering"-kenmerk onder die Soek-my-foon-instellings op jou foon aangesit het, sal jou foon se ligging van tyd tot tyd na jou aanlynrekening gestuur word by die My Windows Phone-bladsy. Dit is veral nuttig in ʼn geval waar die verlore foon afgeskakel is, of waar sy battery heeltemal pap is. Die Soek-my-foon-kenmerk stoor slegs jou foon se laaste bekende ligging. Wanneer ʼn nuwe ligging gestuur word, vervang dit die voorheen gebergde ligging.

2. Selfs al het jy nie daardie kenmerk aangeskakel nie, kan jy nietemin probeer om jou foon se huidige ligging op te spoor deur by jou aanlyn-rekening aan te meld by die My Windows Phone-bladsy. Let daarop dat jou aanlynrekening sal probeer om jou foon se ligging op te spoor wanneer jy ʼn versoek tot die aanlynrekening rig, ongeag of liggingsdienste op jou foon geaktiveer is of nie.

**Jou keuses:**

Die "Stoor my ligging elke paar uur vir beter kartering"-kenmerk is by verstek Af. Om die kenmerk aan te skakel:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **soek my foon**.

2. Gaan na **Stoor my foon se ligging van tyd tot tyd en voordat die battery pap raak om dit makliker te maak om op te spoor**.

Om die Soek-my-foon-kenmerk heeltemal te deaktiveer, wat sal verhoed dat die kenmerk werk, selfs wanneer jy ʼn spesifieke aanlynversoek rig, meld op jou aanlynrekening aan by die My Windows Phone-bladsy en:

1. Klik op **Rekening**.

2. Klik op **Verwyder hierdie foon**.

# Internet Explorer Mobile

## Outo-voorstelle

Internet Explorer stel outomaties webwerwe voor wanneer jy adresse in die blaaier invoer, om te help om die inhoud wat jy soek vinniger te kry. Outo-voorstelle kan uit jou Geskiedenis of Gunstelinge wat op jou foon gestoor is, of van die Bing-diens af kom. Om voorstelle van die Bing-diens af te kry, word dit wat jy in die adres- of soekbalk tik na die Bing-diens gestuur terwyl jy dit

intik. Om meer oor Bing se inligtingversamelingspraktyke te wete te kom, raadpleeg asseblief die Bing-privaatheidsverklaring.

**Jou keuses:**

As jy nie outo-voorstelle van die Bing-diens in Internet Explorer wil ontvang nie:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Internet Explorer** > **gevorderde instellings**.
2. Vee uit **Kry voorstelle van Bing terwyl ek tik**.

# Koekies

Webwerwe wat jy met Internet Explorer besoek, kan moontlik "koekies" (klein tekslêers wat deur ’n webbediener op jou foon geplaas word om jou foon uniek te identifiseer) gebruik om datalêers op jou Windows-foon te stoor en te lees. Koekies word uniek aan jou foon toegeken, en kan slegs deur ’n webwerf of -bediener in die domein wat die koekie aan jou uitgereik het, gelees word. Koekies kan nie gebruik word om programme op jou foon oop te maak of virusse af te laai nie. Koekies word dikwels gebruik om jou besoek aan ’n webwerf te verpersoonlik of om jou tyd te spaar. ’n Koekie kan byvoorbeeld inkopietrollie-inligting soos jou huidige seleksie asook kontakinligting soos jou naam of e-posadres bevat om 'n aankoop te fasiliteer.

Jy kan koekies in Internet Explorer aanvaar of weier. As jy besluit om koekies te blokkeer, sal jy dalk nie in staat wees om sekere webwerwe te bekyk of pasmaak-kenmerke (soos plaaslike nuus en weer, of aandelepryse) te benut nie. Buiten die opsie om alle koekies te aanvaar of te blokkeer, kan jy Internet Explorer se "blokkeer party"-koekie-instelling kies, wat sommige koekies toelaat. Hierdie instelling blokkeer byvoorbeeld derdeparty-koekies van werwe wat nie 'n kompakte privaatheidsbeleid het nie, en koekies wat inligting stoor wat gebruik kan word om jou sonder jou uitdruklike toestemming te kontak.

**Jou keuses:**

Jy kan bestuur hoe koekies op jou foon gebruik word. Om koekies te bestuur:

1. Gaan na **Instellings > toepassings > Internet Explorer > gevorderde instellings.**
2. Onder **Koekies van webwerwe**, kies óf **aanvaar almal**, **blokkeer party**, of **blokkeer almal**.

# Data-insig

Data-insig help jou om jou datagebruik na te spoor, uit te vind watter toepassings die meeste data

gebruik, en jou sellulêre dataverbruik te verminder. Om meer te wete te kom, raadpleeg Gebruik Data-insig om datagebruik te bestuur.

# Moenie naspoor nie

Wanneer jy ’n webwerf in enige blaaier besoek, deel jy outomaties inligting soos koekies, jou IP-adres, en ander standaard- toestelinligting met daardie webwerf. As die webwerf inhoud bevat wat deur ’n derdeparty-webwerf (byvoorbeeld ’n kaart, advertensie of webmetingsnutsmiddels soos ’n webbaken of skripte) verskaf is, kan 'n deel van hierdie inligting moontlik ook outomaties na die inhoudverskaffer gestuur word. Hoewel hierdie aktiwiteit verskeie voordele kan inhou – insluitend fasilitering van advertensie-gesteunde inhoud op gratis webwerwe – is daar ook potensiële uitwerkings op privaatheid, aangesien die inhoudverskaffers jou moontlik oor verskeie webwerwe kan naspoor.

As jy dit verkies, kan Internet Explorer ’n "Moenie naspoor nie"-versoek stuur na webwerwe wat jy besoek, en na derde partye wie se inhoud op daardie werwe aangebied word, om daardie werwe in kennis te stel dat jy verkies om nie nagespoor te word nie. Webwerwe kan moontlik voortgaan met aktiwiteite wat jy dalk as nasporing beskou, selfs al spreek jy hierdie voorkeur uit. Dit hang van die webwerwe se spesifieke praktyke af.

**Jou keuses:**

Jy kan besluit om "Moenie naspoor nie"-versoeke te stuur terwyl jy blaai. Jy kan die versoeke stuur deur die **Aanbeveel**-instellings tydens die eerste gebruik van Internet Explorer te kies, of deur dit op enige tydstip daarna aan of af te skakel:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Internet Explorer** > **gevorderde instellings**.
2. Merk of ontmerk **Stuur "Moenie naspoor nie"-versoeke na webwerwe wat jy besoek**.

# Gunstelinge en blaaigeskiedenis

Internet Explorer stoor die webwerwe wat jy as jou gunstelinge gestoor het, asook ’n rekord van die URL'e wat jy onlangs besoek het. As jy besluit om jou instellings met behulp van ’n Microsoft-rekening te sinchroniseer, sal jou gunstelinge en geskiedenis op Microsoft-bedieners gesinchroniseer word, sodat jy van jou ander Windows-toestelle af toegang daartoe kan kry. Om meer uit te vind, raadpleeg die **Sinchroniseer jou instellings**-afdeling.

Jy kan ook kies om jou blaaigeskiedenis aan Microsoft te stuur om ons dienste en produkte te help verbeter. As jou Cortana aangeskakel is, sal die blaaigeskiedenis wat jy besluit om aan Microsoft te stuur ook gebruik word om verpersoonlikte voorstelle te bied. As jou Cortana nie aangeskakel is nie,

sal die blaaigeskiedenis wat jy besluit om aan Microsoft te stuur nie vir verpersoonliking gebruik word nie.

**Jou keuses:**

Jy kan webwerfwagwoorde wat Internet Explorer op jou versoek gestoor het, inskrywings in Internet Explorer se geskiedenisomslag, webvormdata, tydelike internetlêers en koekies wat op jou foon gestoor is, uitvee. Hierdie kenmerk skrap data wat op jou foon gestoor is, maar skrap nie enige blaaigeskiedenis of ander soekdata wat voorheen aan Microsoft gestuur is nie. Om blaaigeskiedenis op jou foon te skrap:

1. **Gaan na Instellings** > **toepassings** > **Internet Explorer**.
2. Tik **skrap geskiedenis**.

Jy kan besluit om jou blaaigeskiedenis aan Microsoft te stuur deur die **Aanbeveel** -instellings te gebruik as jy Internet Explorer die eerste keer gebruik. Jy kan dit te eniger tyd aan- of afskakel:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Internet Explorer** > **gevorderd**.
2. Merk of ontmerk **Stuur blaaigeskiedenis om dienste te verbeter en (waar beskikbaar) te verpersoonlik**.

# Ligging

As jy 'n webwerf toelaat om toegang tot jou ligging te kry, kan Microsoft se liggingsdiens elke keer wanneer jou foon ligging aanvra, inligting oor nabygeleë selfoontorings, Wi-Fi-toegangspunte en beskikbare Globale Posisioneringstelsel- (GPS-) inligting versamel en gebruik om die benaderde ligging van jou foon te help bepaal. Vir bykomende inligting, raadpleeg Versameling en gebruik van liggingposisioneringsinligting.

**Jou keuses:**

Jy sal gevra word of jy wil toelaat dat 'n webwerf jou ligginginligting aanvra wanneer daardie webwerf die versoek aan jou foon rig. Jy kan te eniger tyd keer dat enige werf jou vir jou liggingtoestemming por:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Internet Explorer** > **gevorderd**.
2. Skakel **af** die **gee toegang tot my ligging** skakelaar.

# Wagwoorde

Wanneer ’n webwerf vereis dat jy ’n gebruikersnaam en wagwoord invoer, sal Internet Explorer vra of jy wil hê dit moet die gebruikersnaam en wagwoord wat jy ingevoer het, stoor. Jy kan kies om ’n gebruikersnaam en wagwoord vir ’n spesifieke webwerf te stoor; jy kan ook kies om altyd of nooit gebruikersname en wagwoorde wat jy invoer outomaties te stoor (nie). As Internet Explorer wagwoorde op jou foon stoor, word dit geënkripteer. As jy besluit om jou instellings met behulp van ’n Microsoft-rekening te sinchroniseer, sal die geënkripteerde wagwoorde op Microsoft-bedieners gesinchroniseer word sodat jy dit op jou ander Windows-toestelle kan gebruik. Om meer uit te vind, raadpleeg die **Sinchroniseer jou instellings**-afdeling.

**Jou keuses:**

Jy kan kies of Internet Explorer wagwoorde outomaties moet stoor:

1. Gaan na **Instellings > toepassings > Internet Explorer > gevorderde instellings.**
2. Onder **Webwerf-wagwoorde, kies onthou, moenie onthou nie of vra elke keer.**

Om wagwoorde wat Internet Explorer op jou foon gestoor het te skrap:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Internet Explorer**.
2. Tik die **skrap geskiedenis**-knoppie.
3. Kontroleer die **Skrap gestoorde wagwoorde**-merkblokkie en tik **skrap**.

# SmartScreen-filter

SmartScreen-filter is ontwerp om jou teen onveilige webwerwe wat hulleself as vertroude webwerwe voordoen (uitvissing) of wat bedreigings vir jou foon bevat te help waarsku. As jy SmartScreen-filter kies, vergelyk dit eers die adres van die webblad wat jy besoek met ’n lys hoë-verkeer-webbladadresse wat op jou foon gestoor is, wat Microsoft as bo verdenking beskou. Adresse wat nie op die plaaslike lys verskyn nie, sal aan Microsoft gestuur word en met ’n gereeld bygewerkte lys webblaaie vergelyk word wat aan Microsoft as onveilig of verdag gerapporteer is. Inligting wat dalk met die webadres verbind kan word, soos soekterme of data wat jy in vorms ingevoer het, kan moontlik ingesluit word. Adresstringe kan onbedoeld persoonlike inligting bevat, maar hierdie inligting, soos die ander inligting wat gestuur word, word nie gebruik om jou te identifiseer, te kontak, of reklame aan jou of jou foon te rig nie. Daarby span Microsoft tegnologiese maatreëls in om adresstringe te filter om persoonlike inligting te probeer verwyder.

Inligting oor jou gebruik van SmartScreen-filter, soos die tyd en totale getal webwerwe waarna jy

gekyk het vandat 'n adres na Microsoft gestuur is vir ontleding, sal van tyd tot tyd na Microsoft gestuur word. Sekere webwerfadresse wat aan Microsoft gestuur word, kan dalk saam met bykomende inligting gestoor word, insluitend webblaaier weergawe, bedryfstelselweergawe, SmartScreen-filterweergawe, die blaaiertaal, die verwysende webblad en inligting oor die webwerf. ’n Unieke identifiseerder wat deur Internet Explorer gegenereer word, word ook gestuur. Die unieke identifiseerder is 'n ewekansig gegenereerde nommer wat nie enige persoonlike inligting bevat nie, en nie gebruik word om jou te identifiseer nie. Hierdie inligting, saam met die inligting wat hierbo beskryf word, word net gebruik om prestasie te ontleed en die gehalte van ons produkte en dienste te verbeter.

**Jou keuses:**

Jy kan kies om die SmartScreen-filter-kenmerk te gebruik deur die **Aanbeveel**-instellings tydens die eerste gebruik van Internet Explorer te kies, of deur dit op enige tydstip daarna aan of af te skakel:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Internet Explorer** > **gevorderde instellings**.
2. Merk of ontmerk **Gebruik SmartScreen-filter om teen onveilige webwerwe te help beskerm**.

# Sleutelbordherkenning

Jou Windows-foon kan woorde en korreksies op grond van die foon se woordeboek voorstel terwyl jy tik. Jou foon kan met verloop van tyd outomaties aanpas en woorde wat jy voorheen ingetik het, asook jou kontakte se name, insluit en voorstel. Jy kan kies om hierdie voorstelle vir die meeste tale te deaktiveer. Voorstelle vir sekere tale (byvoorbeeld Sjinees en Japannees) kan egter nie gedeaktiveer word nie. Wanneer jy Japannees gebruik, sal jou foon ook voorstelle maak op grond van dele van jou onlangse boodskapgesprekslyne wat op jou foon gestoor is. Die outomatiese aanpassings in jou woordeboek word op jou foon gestoor. Jy kan Microsoft help om invoer op Windows Phone en ander Microsoft-produkte en -dienste te verbeter deur aan die Sleutelbord-raakinligting-terugvoerkenmerk deel te neem. Jy kan deelneem deur die Aanbeveel-instellings te kies wanneer jy jou foon opstel, of as jy pasmaak-instellings kies, die kenmerk daar te aktiveer. Wanneer jy deelneem, word sleutelbord-raakinligting wat Windows Phone gebruik om jou beplande karakters ("raakpunte" genoem) te herken, elke keer wat jy die sleutelbord gebruik deur Windows Phone na Microsoft gestuur, saam met enige karakters wat jy ingetik het, woorde wat jy uit die voorstelle gekies het, en outomatiese korreksies. Aangesien kennis van die soort woorde wat mense op hul fone tik die sleutelbord se vermoë om raakpunte korrek te vertolk verbeter, sal die finale teks ook gestuur word. As jy Cortana aangeskakel het, sal jou pasgemaakte woordeboek na Microsoft gestuur word om jou ervaring te verpersoonlik – raadpleeg die Cortana-afdeling.

Om jou privaatheid te help beskerm, maak ons nie sleutelbord-raakinligting bymekaar wanneer die foon 'n aantekenskerm of wagwoordveld vertoon nie. Ons doen ook stappe om die versameling van e-posadresse en numeriese rye soos telefoonnommers, kredietkaartnommers, ens. te voorkom. Die sleutelbordinligting word só gestuur dat dit nie jou of jou foon identifiseer nie, en word dan by baie gebruikers se teks gevoeg en vir ontleding in karaktertellings en woordvolgorde omskep.

**Jou keuses:**

Jy kan tikvoorstelle vir die meeste tale bestuur:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **sleutelbord**.
2. Onder die **voeg sleutelbord by**-opsie word jou geaktiveerde tale vertoon.
3. Tik op die taal waarvoor jy voorstelle wil deaktiveer.
4. Ontmerk die voorstelle en korreksies wat jy nie wil hê nie.

Jy kan woorde wat op die foon bygevoeg is, skrap:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **sleutelbord**.
2. Tik **gevorderd**.
3. Tik **stel voorstelle terug**.

Jy kan die teksvoorstel-verbeteringsinstelling te eniger tyd verander:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **sleutelbord**.
2. Tik **gevorderd**.
3. Merk of ontmerk **Verbeter voorstelle deur inligting oor my sleutelbordgebruik na Microsoft te stuur**.

# Kinderhoekie

Kinderhoekie stel jou in staat om jou foon só te stel dat jou kind slegs toegang tot speletjies, musiek, video's of toepassings wat jy kies, kan kry. Hoewel dit nie 'n vereiste is nie, werk hierdie kenmerk met jou sluitskerm-wagwoord, sodat jou kind, elke keer as jy Kinderhoekie oopmaak, slegs toegang tot die items wat in Kinderhoekie geplaas is kan kry, en nie na die tuisskerm kan terugkeer of ander toepassings kan oopmaak nie. Om toegang tot ander toepassings of kenmerke te hervat, moet jy weer jou wagwoord invoer, as jy een gestel het. Wanneer ’n kind ’n toepassing in Kinderhoekie oopmaak, het hulle gewoonlik toegang tot die toepassing se volle funksionaliteit, en

die toepassing sal gewoonlik dieselfde data versamel as wat dit versamel wanneer dit van jou normale tuisskerm af oopgemaak word. Wanneer ʼn toepassing in Kinderhoekie oopgemaak word, sal dit gewoonlik toegang tot dieselfde inligting (soos jou reklame-identifiseerder) kry en dit versend, as wanneer die toepassing vanaf jou normale tuisskerm oopgemaak word.

**Jou keuses:**

Jy kan jou Kinderhoekie opstel met die speletjies, musiek, video's en toepassings waartoe jy jou kind toegang wil gee, en dit dan bestuur:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **Kinderhoekie**.
2. Skakel **Kinderhoekie** óf **Aan** of **Af**.
3. Tik **Speletjies, Musiek, Video's of Toepassings** om die items wat jy wil insluit te bestuur.

# Ligging-aanmeldings

Aanmelding laat jou toe om na 'n nabygeleë ligging te soek en dan daar op sekere sosialemedia-webwerwe "aan te meld". Wanneer jy met die aanmeldproses begin, word data aan die Bing-soektogdiens verskaf om resultate vir nabygeleë plekke te lewer. Hierdie data sluit ligging, tyd en datum, en jou soekterme in. Sodra jy die ligging kies waar jy wil aanmeld, word die nodige data om die verlangde plasing te skep na die sosialemedia gestuur waar jy jou ligging wil plaas. Dit sal inligting oor die plek waar jy aanmeld, sy naam, ligging, straatadres, telefoonnommer en kategorie of soort plek (byvoorbeeld, ʼn restaurant, winkel of kroeg) insluit. Deur te kies om "aan te meld" kan jy moontlik jou ligging aan ander mense deurgee. Jy kan ook besluit om Bing toe te laat om jou "aanmeld"-inligting te gebruik om in die toekoms jou soekresultate op jou foon – of enige plek waar jy op jou Microsoft-rekening aangeteken is – te verpersoonlik. As jy hierdie opsie kies, word jou "aanmeld"-geskiedenis aan jou Microsoft-rekening gekoppel en gestoor, en kan dit moontlik gebruik word om ander Microsoft-produkte en -dienste, soos Cortana, te verpersoonlik en te verbeter. Om meer oor Bing se inligtingversamelingspraktyke te wete te kom, raadpleeg asseblief die Soek, en ook die Bing-privaatheidsverklaring. Vir meer algemene inligting oor liggingsdienste, raadpleeg Versameling en gebruik van liggingposisioneringsinligting.**Jou keuses:** Om die "aanmeld"-kenmerk te gebruik, moet jy die hoofskakelaar van jou foon se liggingsdienste **Aan**-sit, soos beskryf in die Versameling en gebruik van liggingposisioneringsinligting-afdeling van hierdie verklaring.

Om "aanmeldings" te plaas en ligging te gebruik om nabygeleë plekke vir plasings te soek:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **mense**.
2. Sit die **Gebruik my ligging**-skakelaar **Aan**.

Om Bing toe te laat om jou aanmeldgeskiedenis te gebruik om jou soekresultate te verbeter:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **mense**.
2. Gaan na **Stoor aanmeldsoektogte en -liggings met my Microsoft-rekening om soekresultate te verbeter**.

# Kaarte

Jou foon bevat geïntegreerde Nokia-karteringtegnologie. Afhangende van jou ligging, kan versoeke wat deur die Kaarte-toepassing gemaak word, deur Nokia of Bing beantwoord word. Wanneer jy 'n kaart aanvra of met Nokia-kartering kommunikeer (byvoorbeeld, wanneer jy roete-aanwysings of verkeersinligting vra), sal sekere standaard- toestelinligting aan Nokia verskaf word. Hierdie inligting word nie gebruik om jou of jou toestel te identifiseer, te kontak of reklame te rig nie, tensy Nokia andersins jou toestemming verkry. Nokia kan hierdie data moontlik gebruik om hul karteringsdienste te lewer en te verbeter. Jy kan in die Kaarte-toepassing tred hou met jou gunstelingplekke en onlangse kaartsoektogte. Wanneer jy in 'n ligging-veld begin tik (byvoorbeeld, in die Kalender-toepassing), sal jou gunstelingplekke en soekgeskiedenis as soekvoorstelle ingesluit word. As jy met jou Microsoft-rekening op jou foon aangeteken is, sal jou gunstelingplekke en soekgeskiedenis met ander toepassings en dienste waarop jy met jou Microsoft-rekening aanteken, gesinchroniseer word. Jy kan in die Kaarte-instellings beheer of hierdie inligting gesinchroniseer word, maar as Cortana aangeskakel is, sal hierdie inligting altyd sinchroniseer. Om meer te wete te kom oor hoe Cortana ligginginligting gebruik, raadpleeg die Cortana-afdeling. As jy Kaarte of Local Scout toegang tot jou ligging gee, sal die benaderde ligging van jou foon, asook enige navrae wat jy in Kaarte en Local Scout rig, na Microsoft gestuur word om produkte en dienste soos plaaslike soekresultate te verbeter en te verpersoonlik. Om meer oor Kaarte en Local Scout, aangedryf deur Bing, se inligtingversamelingspraktyke te wete te kom, gaan asseblief deur die Bing-privaatheidsverklaring.

**Jou keuses:**

### Om die Kaarte-kenmerk se toegang tot jou foon se ligging aan of af te skakel, wat **Af** is by verstek:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **kaarte**.
2. Sit die **Gebruik my ligging**-skakelaar **Aan** of **Af**.

Om jou vorige kaartsoektogte en tydelike lêers op jou foon te skrap:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **kaarte**.
2. Tik **skrap geskiedenis.**

# Pratery

Wanneer jy met ’n Microsoft-rekening op jou foon aanteken, kan jy jou SMS- en MMS-boodskappe sinchroniseer en hulle in die Outlook.com-rekening wat aan jou Microsoft-rekening gekoppel is, stoor. Dit stel jou in staat om die boodskappe terug te kry as jy jou foon verloor of 'n ander foon kry. Wanneer jy die foon opstel, sal die foon vir jou vra: "Rugsteun jou goed?" As jy hierdie opsie kies, sal dit die rugsteun van SMS- en MMS-boodskappe aanskakel. Raadpleeg Rugsteun. Jy kan jou boodskapinstellings te eniger tyd ná jou aanvanklike foonopstelling bestuur. Jy kan byvoorbeeld rugsteun vir teksboodskappe aan- of afskakel, afleweringbevestigings en -ontvangserkennings bestuur, kies met watter toepassing jy teksboodskappe wil ontvang, en ander pratery-instellings verander. Jy sal nie boodskappe wat voorheen op jou Outlook.com-rekening gerugsteun is, skrap as jy jou SMS/MMS-rugsteun afskakel nie. Om sulke boodskappe uit die stoorplek te skrap, moet jy hulle op jou foon skrap voordat jy rugsteun afskakel. Raadpleeg E-pos + Rekeninge. Jy kan ’n kaart van jou huidige ligging, ’n foto, ’n video, ’n stemnota of kontakinligting aan ’n uitgaande boodskap heg. As jy besluit om jou ligging aan jou boodskap te heg, kan Microsoft se liggingposisionering-databasis moontlik baken-inligting bymekaarmaak. Raadpleeg Bymekaarmaak en gebruik van jou inligting. As jy ’n derdeparty-toepassing gebruik om teksboodskappe te stuur of te ontvang, sal daardie toepassing se gebruik van boodskapdata aan die derde party se privaatheidspraktyke onderhewig wees.

**Jou keuses:**

### Om SMS/MMS-sinchronisasie aan te skakel:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **pratery**.
2. Sit die **Teksboodskap-rugsteun**-skakelaar **Aan**.

Om te kies met watter toepassing jy teksboodskappe moet ontvang:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **pratery**.
2. Onder **Ontvang teksboodskappe met**, kies die toepassing wat jy wil gebruik om teksboodskappe mee te ontvang.

Om ’n kaart van jou ligging of ’n ander lêer aan ’n uitgaande boodskap te heg:

1. Tik die skuifspeldsimbool onder op die skerm.
2. Kies die item(s) wat jy wil aanheg.

# Microsoft-rekening

’n Microsoft-rekening hou jou foto's, kontakte, musiek, dokumente, instellings, wagwoorde en meer met jou rekenaar of Xbox gesinchroniseer. Dit kan ook jou ervarings met alle Microsoft-dienste en -produkte verpersoonlik. Jy hoef nie ’n Microsoft-rekening te skep of in te voer om jou foon te gebruik nie. As jy egter nie ’n Microsoft-rekening met jou foon assosieer nie, sal jy nie in staat wees om toepassings by die Winkel te kry, of kenmerke soos Xbox LIVE, Xbox Music, Rugsteun, of Soek my foon kan gebruik nie. As jy nie ’n Microsoft-rekening wil skep of invoer wanneer jy jou foon opstel nie, tik **Nie nou nie** wanneer jy gevra word om ’n Microsoft-rekening te skep of in te voer.

As jy ’n Microsoft-rekening met jou foon assosieer, kan jy ’n bestaande Microsoft-rekening gebruik, of jy kan een met die foon skep. As jy ’n bestaande rekening het, sal enige kontakte wat met daardie rekening geassosieer word, outomaties met jou foon gesinchroniseer word. Wanneer jy ’n Microsoft-rekening koppel, sal dit outomaties kontakte en kalenderitems wat jy op jou foon self bygevoeg het, na jou aanlyn Microsoft-rekening se kontaklys en kalender invoer. Kontakte en kalenderitems van derdeparty-dienste, soos sosialemedia-rekeninge, word nie na jou Microsoft-rekening toe ingevoer nie. Sodra jy jou Microsoft-rekening geskep het, kan jy dieselfde magtigingsbewyse gebruik om by 'n klomp verskillende Microsoft-webwerwe en -dienste, asook derdeparty-toepassings en dienste, aan te teken. As jy by een Microsoft-werf of -diens aanteken, kan jy dalk outomaties aangeteken word wanneer jy ander Microsoft-webwerwe en -dienste besoek. Sodra jy aangeteken het, kan jy kies om jou Microsoft-rekening vir derdeparty-toepassings en -dienste te gebruik. Hoe ’n derdeparty-toepassing of -diens jou Microsoft-rekeninginligting gebruik, hang van die derde party se privaatheidspraktyke af. Om meer te wete te kom oor die inligtingversamelingspraktyke vir Microsoft-rekeninge en hoe jou magtigingsbewys-inligting gebruik word wanneer jy by deelnemende werwe aanteken, lees asseblief Microsoft-rekeningopenbaarmakings in die Microsoft.com-privaatheidsverklaring.

**Jou keuses:**

### Om tydens foonopstelling ’n nuwe Microsoft-rekening met jou foon op te stel, of 'n bestaande een te assosieer, volg die skermaanwysings. Jy kan dit ook te eniger tyd ná opstelling doen:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **e-pos** + **rekeninge**.
2. Tik **voeg ’n rekening by**.
3. Tik **Microsoft-rekening**.
4. Volg die skermaanwysings.

Jy kan te eniger tyd jou Microsoft-rekening se aanmeldmagtigingsbewyse op jou foon skrap. Dit sal

egter alle data op jou foon skrap – insluitend alle toepassings wat jy afgelaai het, musiek, foto's en video's – en dit sal die foon na die die fabrieksinstellings terugstel.

### Om jou Microsoft-rekening se aanmeldmagtigingsbewyse op jou foon te skrap:

1. Gaan na **Instellings** > **besonderhede**.
2. Tik **stel jou foon terug**.
3. Volg die skermaanwysings.

# Kennisgewings en Aksiesentrum

Wanneer jy van die skerm se bokant af ondertoe vee, kan jy onlangse kennisgewings van jou toepassings sien en vinnige aksies doen, soos om Bluetooth aan te sit of die kamera oop te maak. Jy kan kies watter toepassings en kitshandelinge in die Aksiesentrum verskyn, en jy kan kies of die Aksiesentrum beskikbaar is wanneer jou foon gesluit is. As jy besluit om die Aksiesentrum beskikbaar te maak terwyl jou foon gesluit is, sal kennisgewings soos teksboodskappe en e-posse sigbaar wees sonder dat jy jou foon hoef te ontsluit.

**Jou keuses:**

### Om kennisgewings in die Aksiesentrum uit te vee:

1. Vee van die bokant van die skerm af ondertoe om die Aksiesentrum oop te maak.
2. Tik **Vee alles uit** om kennisgewings uit te vee, of vee na regs op ’n individuele kennisgewing om dit uit te vee.

### Om te kies watter kitshandelinge in die Aksiesentrum verskyn:

1. Gaan na **Instellings** > **kennisgewings + handelinge**.
2. Tik een van die kitshandelinge om te kies watter een om te gebruik.

### Om te kies of Aksiesentrum vertoon word wanneer jou foon gesluit is:

1. Gaan na **Instellings** > **kennisgewings + handelinge**.
2. Merk of ontmerk **Wys kennisgewings in Aksiesentrum wanneer my foon gesluit is**.

### Om ’n toepassing se kennisgewing-instellings te verander:

1. Gaan na **Instellings** > **kennisgewings + handelinge**.
2. Tik ’n toepassing in die lys om sy kennisgewing-instellings te verander.

# Office Mobile

Sodra jy jou foon met ’n Microsoft-Account konfigureer, kan dokumente, dokumentinstellings en notas wat in jou foon gestoor word, met OneDrive, Office 365 of Microsoft SharePoint Server gesinchroniseer word. Spesifieke metadata-eienskappe vir die dokumente sal outomaties op jou foon gesinchroniseer word om vars inligting soos die laaste bywerkingsdatum en die dokumente se outeur te verskaf. Dokumente (Word, Excel, PowerPoint) wat jy op die foon skep, word slegs met OneDrive, Office 365 of Microsoft SharePoint Servers gesinchroniseer wanneer jy die dokument doelbewus op een van hierdie plekke stoor. Indien 'n dataverbinding beskikbaar is, word OneNote-lêers outomaties gesinchroniseer wanneer jy die lêer toemaak of na 'n ander funksie oorskakel.

**Jou keuses:**

Om alle Office-instellings en -inhoud, insluitend gestoorde SharePoint-werwe, SharePoint-dokumente, OneDrive-dokumente, instellings en magtigingsbewyse op jou foon uit te vee

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Office**.
2. Tik **Stel Office terug**.

# Gebruikersnaam

Elke lêer wat deur Microsoft Excel Mobile, Microsoft OneNote Mobile, Microsoft PowerPoint Mobile en Microsoft Word Mobile gestoor word, sluit die volgende lêereienskappe in:

- Outeur
- Laas gestoor deur

Daarby, as jy opmerkings in ’n lêer stoor, sluit Office Mobile jou gebruikersnaam by elke opmerking in. Hierdie inligting is dan beskikbaar vir enigiemand wat toegang tot jou lêer het.

**Jou keuses:**

Om die gebruikersnaam wat in lêereienskappe en opmerkings met jou lêers geassosieer word te verander:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Office**.

2. Verander die gebruikersnaam of vee dit uit.

# Mense-spil

Die Mense-spil stel jou in staat om kontakte wat op jou foon gestoor is en van jou aanlynrekeninge – soos jou e-pos- of Facebook-rekening – gesinchroniseer is, te bekyk en daarmee te werk. Jy kan kontakinligting bekyk en redigeer, en jou kontakte se bywerkings op sosialenetwerk-toepassings wat met Windows Phone integreer bekyk en daarop reageer. Jy kan byvoorbeeld op 'n vriend se Facebook-statusbywerking wat jy in die Mense-spil sien, reageer. Jy kan ook jou eie status bywerk of ligging-aanmeldings plaas – raadpleeg die Ligging-aanmeldings. Jou interaksie met derdeparty-dienste is onderhewig aan die derde party se privaatheidspraktyke en enige toepaslike gebruiksbepalings.

Wanneer jy 'n rekening op jou foon byvoeg (raadpleeg die e-pos+rekeninge-afdeling), word kontakte wat met daardie rekening geassosieer word, outomaties op jou foon gesinchroniseer. Jy kan hierdie kontakte bekyk of redigeer, of nuwe kontakte in die Mense-spil byvoeg. As 'n toepassing toegang tot jou kontakte het, kan dit bykomende besonderhede van bestaande kontakte verskaf, sy eie kontakte verskaf, en jou bestaande kontakte se inligting versamel. 'n Derdeparty-toepassing se gebruik van jou kontakte se inligting is onderhewig aan die derde party se privaatheidspraktyke en enige toepaslike gebruiksbepalings.

Toepassings se gebruik van kontakinligting kan benut word om jou ervaring te verbeter. 'n Video-oproeptoepassing kan byvoorbeeld sy gebruikersname by jou bestaande kontakte voeg. In só 'n geval kan jy met dié toepassing gladweg van 'n selfoonoproep na 'n video-oproep oorskakel met 'n kontak wie se gebruikersnaam deur die toepassing verskaf is.
**Jou keuses:**

### Jy kan kies of kontakte vanaf die rekeninge wat jy op jou foon bygevoeg het sinchroniseer:

1. Gaan na **Instellings** > **e-pos+rekeninge**.

2. Tik op 'n rekening om dit te kies.

3. Onder **Inhoud om te sinchroniseer**, merk of ontmerk **Kontakte**.

# Verpersoonlikte voorstelle

As jy Cortana aangeskakel het, dit sal verpersoonlikte voorstelle maak, soos beskryf in die Cortana-afdeling. As jy nie Cortana aangeskakel het nie, kan jy nietemin verpersoonlikte voorstelle kry, soos

beskryf in hierdie afdeling.

As jy Verpersoonlikte voorstelle aanskakel, sal Microsoft probeer om jou Windows Phone-ervaring verder te verpersoonlik deur jou soekresultate te verfyn, en toepassings en speletjies voor te stel wat moontlik jou belangstelling sal prikkel. Hierdie voorstelle is gebaseer op inligting wat ons deur ander kenmerke en dienste versamel wat met jou Microsoft-rekening geassosieer word, asook jou gebruik van sekere kenmerke en dienste wat met jou foon verband hou. Dit sluit inligting oor jou gebruik van jou foon in (byvoorbeeld watter toepassings jy die gereeldste oopmaak), aktiwiteit in die Winkel (byvoorbeeld, die tipes toepassings waardeur jy blaai, wat jy aflaai en deurkyk), jou aktiwiteit terwyl jy op ander dienste ingeteken is wat met jou Microsoft-rekening geassosieer word (byvoorbeeld jou aktiwiteit op Xbox LIVE), en ligginginligting (byvoorbeeld jou ligging wanneer jy met Bing soek) om beter geografiese voorstelle vir jou te maak. Jy kan ook jou voorstelle aanvul deur Windows Phone aan Facebook te koppel, wat beteken dat jou vriende se voorkeure moontlik by voorstelle vir jou ingesluit kan word. Indien jy aan Facebook koppel, sal ander kenmerke (soos Cortana) ook aan Facebook gekoppel word en daardie data benut.

Inligting oor die manier waarop jy jou foon gebruik, word deur Foonterugvoer bymekaargemaak. Die terugvoerdata word, soos hieronder beskryf, gewoonlik slegs met 'n unieke ID geassosieer wat nie jou of jou foon identifiseer nie, en nie met jou Microsoft-rekening geassosieer word nie. As jy kies om aan terugvoer deel te neem en ook van verpersoonlikte voorstelle gebruik maak, sal ons hierdie data met jou Microsoft-rekening assosieer om 'n meer verpersoonlikte foonervaring moontlik te maak. As jy nog nie terugvoer geaktiveer het nie, sal daardie data nie versamel word nie, selfs al registreer jy andersins vir voorstelle. Ander data, soos jou aktiwiteit in die Winkel, sal egter steeds inligting vir gedeeltelike verpersoonliking verskaf.

Jy kan te eniger tyd kies om Verpersoonlikte voorstelle af te skakel. Benewens dat dit verdere verpersoonlikte voorstelle sal stop, sal dit veroorsaak dat toekomstige terugvoerdata (as jy vir Terugvoer geregistreer het) weer net met 'n unieke ID geassosieer sal word, en nie met jou Microsoft-rekening nie. Dit sal nie ander dataversameling wat met jou Microsoft-rekening geassosieer word (byvoorbeeld in verband met jou Winkel-aktiwiteite) raak nie. Daardie data sal nog steeds op die Winkel-bedieners versamel word, en kan moontlik later gebruik word as jy weer Verpersoonlikte voorstelle aktiveer.

**Jou keuses:**

Wanneer jy die Winkel gebruik, kan jy moontlik gevra word of jy die Verpersoonlikte voorstelle-kenmerk wil aanskakel, wat **Af** is by verstek. Jy kan ook die Voorstelle-kenmerk te eniger tyd aan- of afskakel:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **winkel**.
2. Tik op **voorstelle**.

3. Sit die **Voorstelle**-skakelaar **Aan** of **Af**.

Jy kan ook jou keuse om Verpersoonlikte voorstelle met jou Facebook-data aan te vul of nie, te eniger tyd verander:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **winkel**.

2. Tik op **voorstelle**.

3. Tik op **Facebook** om aan Facebook te koppel en Facebook-voorstelle aan te skakel, of tik en hou **Facebook** en tik **Verwyder Facebook-voorstelle** om Facebook-voorstelle te verwyder.

# Foonterugvoer

Deur deel te neem aan Windows Phone Terugvoer (terugvoer), help jy Microsoft om Windows Phone, ander Microsoft-produkte en -dienste, en vertroude vennote se produkte en dienste te verbeter. Wanneer jy besluit om deel te neem, versamel ons inligting oor hoe jy jou foon en toepassings gebruik, asook foute wat jy ervaar en ander terugvoer wat jy na Microsoft stuur. Die volgende datakategorieë kan moontlik versamel en van tyd tot tyd met behulp van beskikbare dataverbindings na Microsoft gestuur word:

- Foonkonfigurasie, soos die netwerkverbindings wat gebruik word, skermresolusie, geheuegebruik, batterylewe, domein-instellings vir e-posrekeninge wat jy opgestel het, en watter weergawe van Windows Phone-sagteware gebruik word.

- Werkverrigting en betroubaarheid, byvoorbeeld hoe vinnig ’n kenmerk reageer wanneer jy op 'n ikoon tik of ’n knoppie druk, hoeveel probleme jy met ’n kenmerk ondervind, en hoe vinnig inligting oor ’n netwerkverbinding gestuur of ontvang word.

- Toepassinggebruik, soos die kenmerke en toepassings wat jy die meeste gebruik, watter kenmerke en toepassings jy aan die Beginskerm vasspeld, hoe jy deur toepassingkieslyste en die Winkel navigeer, hoe gereeld jy instellings verander, en toevoere en kontakinligting bywerk, en hoe lank jy sekere kenmerke en toepassings gebruik.

- Sagtewarebedryfsfoute, byvoorbeeld probleme wat jou pla terwyl jy jou foon gebruik, en foute wat agter die skerms voorkom. Verslae kan dalk persoonlike inligting bevat, maar Microsoft gebruik hierdie inligting om foute te diagnoseer, nie om jou te identifiseer of te kontak nie.

- Terugvoer wat jy vrywillig na Microsoft stuur.

Microsoft gebruik nie die inligting wat deur terugvoerverslae versamel is om jou te identifiseer nie,

tensy jy spesifiek in ’n spesifieke kenmerk toestemming gee (byvoorbeeld, as jy besluit om voorstelle in die Winkel te vra).

Ons gebruik terugvoerinligting om die produkte en kenmerke wat mense die gereeldste gebruik te verbeter, en om te help om oplossings vir algemene kwessies te vind. Terugvoerinligting, veral foutverslae, kan dalk persoonlike inligting bevat. ’n Verslag wat byvoorbeeld ’n rekenaargeheuegreep bevat, kan moontlik jou kontaklys, 'n deel van ’n e-pos of SMS waarmee jy besig was, of data wat jy onlangs op 'n webwerf ingedien het, insluit. Hierdie inligting word egter slegs gebruik om foute te diagnoseer, nie om jou te kontak nie. Om die produkte en dienste wat met Microsoft-sagteware werk te verbeter, kan ons moontlik terugvoerinligting met toerustingvervaardigers en ander vertroude vennote deel. Ons verbied hierdie vennote om enige van dié data te gebruik om jou te kontak.

**Jou keuses:**

Om die Foonterugvoer-instelling te eniger tyd te verander:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **terugvoer**.
2. Skakel **Stuur terugvoer** óf **Af** of **Aan**.

# Foto's + Kamera

Jou foon se kamera stel jou in staat om ligginginligting in jou foto's in te bed. Neem asseblief kennis dat jy dalk ligginginligting met ander mense deel as jy besluit om foto's met ingebedde ligginginligting op sosialemedia, aanlyndienste en -toepassings te plaas. ’n Derde party se gebruik van hierdie ligginginligting is onderhewig aan die derde party se privaatheidspraktyke.

Wanneer jy foto's neem waarop jou ligging ingebed is, kan die Foto's-toepassing die foto's volgens tyd en ligging groepeer. Om jou foto's te groepeer, stuur die Foto's-toepassing liggingsdata in jou foto’s na Microsoft om die name van plekke, byvoorbeeld “Seattle, Washington”, te bepaal. Microsoft stoor nie die ligginginligting wat die Foto's-toepassing stuur nie, en dit word nie met jou Microsoft-rekening geassosieer of gebruik om jou te identifiseer, te kontak of advertensies op jou te rig nie.

Wanneer jy met ’n Microsoft-rekening op jou foon aanteken, kan jy kies om foto's en/of video's outomaties na ’n OneDrive-omslag op te laai en die gehalte (resolusie) van die oplaaie te bestuur. Hierdie kenmerk laai media wat jy op die toestel vaslê op, asook media (byvoorbeeld uit 'n sosialemedia-album) wat jy op die toestel stoor. Dit laai nie outomaties media vanaf ’n SD-kaart, of enigiets wat jy via 'n USB-verbinding vanaf 'n rekenaar op jou foon kopieer op nie. Wanneer jy die foon opstel, sal die foon vir jou vra: "Rugsteun jou goed?" As jy hierdie opsie kies, sal dit outomatiese oplaai van laer resolusie foto's aanskakel. Raadpleeg Rugsteun.

Ná jou aanvanklike foonopstelling, kan jy jou OneDrive-foto's en/of -videoberging op ’n gedetailleerde grondslag bestuur. Jy kan byvoorbeeld besluit om ook video's op OneDrive te laai, of om foto's en video's teen volle resolusie op te laai. Afhangende van die resolusiegehalte wat jy kies, kan jou foon moontlik sellulêre data of Wi-Fi-verbindings gebruik, en kan die oplaai vertraag word tot ’n gepaste dataverbinding bewerkstellig is. Foto's wat klaar op OneDrive gelaai is, sal nie geskrap word as jy outomatiese oplaai afsit nie. Om sulke foto's uit die berging te skrap, moet jy op jou aanlynrekening aanteken by die My Windows Phone-bladsy.

Jy besluit dalk om derdeparty-toepassings te installeer wat ook outomatiese oplaaie van foto's en video's moontlik maak. Jou foon kan jou help om sulke toepassings te kry, en kan ook toepassings wat reeds op jou foon is wat outomatiese oplaaie kan doen, identifiseer. Jy moet die gebruiksbepalings en privaatheidspraktyke van sulke toepassings sorgvuldig oorweeg.

**Jou keuses:**

Jy kan dalk gevra word of jy wil hê die kamera moet ligginginligting, wat by verstek af is, by die foto's en video's wat jy neem insluit. Om hierdie instelling te eniger tyd te verander:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **foto's + kamera**.
2. Sit die **Gebruik ligginginligting**-skakelaar **Aan** of **Af**.

Om foto's en/of video's outomaties in jou OneDrive-omslag te laai:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **foto's + kamera**.
2. Onder **Outo-oplaai**, tik op die **OneDrive**-inskrywing.
3. Gebruik die radioknoppies onder **Foto’s** en **Video’s** om die resolusie wat jy wil hê vir die oplaaie te stel.

Om ander toepassings wat foto's en video's outomaties kan oplaai te soek en te installeer:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **foto's + kamera**.
2. Onder **Outo-oplaai**, tik op die **toepassings**-inskrywing.
3. Tik die **Soek toepassings**-knoppie.

Om te kies of die Foto's-toepassing foto's groepe volgens tyd en ligging kan groepeer:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **foto's + kamera**.

2. Onder **Foto-instellings**, merk of ontmerk **Groepeer my foto's volgens tyd en ligging**.

# Kamers

Kamers stel jou in staat om kletsboodskappe, kalenders, foto's, video's en notas met ander lede van die vertrek te deel. Lede sal kletsboodskappe, kalenderitems, foto's en notas wat jy spesifiek kies om met die vertrek te deel, sien. Lede sal nie toegang tot jou persoonlike kalenders, foto's en notas hê, behalwe dié wat jy gekies het om met jou Messenger-vriende te deel nie. Kamers maak op Messenger staat vir die kletsfunksie, en alle lede van die vertrek sal die kletsboodskappe wat jy na die kamer toe stuur, sien. Wanneer jy ’n vertrek opstel en ander soontoe nooi, of wanneer jy ’n uitnodiging aanvaar om by ’n vertrek aan te sluit, sal jy outomaties Messenger-vriende met die ander lede van die vertrek, en dié wat later aansluit, raak. Afhangende van jou Messenger-instellings, kan vriende moontlik jou Messenger-profielinligting deurgaan en ander inligting wat jy besluit het om met jou Messenger-vriende te deel (soos gedeelde lêers op OneDrive) bekyk. As jy ’n lid van ’n kamer is, kan ander mense dalk op uitnodiging van die kamer se skepper aansluit sonder dat jy in kennis gestel word. As jy of ander mense die kamer verlaat, of as jy iemand van die kamer verwyder of ’n kamer skrap, sal julle nog steeds Messenger-vriende wees, tensy jy die persoon afsonderlik uit jou Messenger-vriendelys verwyder. Dit is raadsaam om van tyd tot tyd jou Messenger-rekening na te gaan en jou vriende-instellings te bestuur.

**Jou keuses:**

### Om 'n kamer van Begin af te skep:

1. As jy 'n gesinskamerteël op Begin kan sien, tik daarop.
2. Tik **nooi iemand**.
3. Kies ’n kontak (met ’n foonnommer) en stuur vir hulle ’n uitnodiging om by die kamer aan te sluit.

### Om ’n kamer van die Mense-spil af te skep:

1. By Begin, tik op **Mense**.
2. Vee links of regs na **Saam**.
3. Tik **Nuwe +**.
4. Tik **Kamer**.
5. Tik ’n naam vir die kamer, en tik op **stoor**.

Om 'n kamer te redigeer of te skrap (as jy die kamer se eienaar/skepper is):

1. By Begin, tik op **Mense**.
2. Vee links of regs na **Saam**.
3. Tik op die vertrek wat jy wil redigeer of skrap.
4. Vee na **Lede**.
5. Doen enige van die volgende:
    - Om ’n lid na die kamer te nooi, tik op **Lede** > **Nooi +**.
    - Om ’n lid uit die kamer te verwyder, tik op **Lede**, tik op die kontak, en tik dan op **Verwyder**.
    - Om die kamer te herbenoem, tik op **Meer . . .** > **Herbenoem**.
    - Om die kamer te skrap, tik op **Meer . . .** > **Skrap kamer**.

Om ’n kamer te verlaat (as jy nie die kamer se eienaar/skepper is nie):

1. By Begin, tik op **Mense**.
2. Vee links of regs na **Saam**.
3. Tik op die kamer wat jy wil verlaat.
4. Vee na **Lede**.
5. Tik **Verlaat kamer**, en tik dan op **Verlaat**.

Om ’n persoon op Messenger te ontvriend, haal die kontak van jou foon af.

# Soek

As jy Cortana aangeskakel het, verskaf Cortana die soektog-kenmerke op jou foon – raadpleeg die Cortana. As jy nie Cortana aangeskakel het nie, kan jy nietemin die soek-kenmerke wat in hierdie afdeling beskryf word, gebruik. Bing-soek kan jou help om die inligting wat jy soek vinnig te kry. Om meer oor Bing-privaatheidspraktyke te wete te kom, gaan asseblief deur die Bing-privaatheidsverklaring.

**Jou keuses:**

Om vorige ingetikte soekterme, musieksoektogte, en Merk- en visiesoektogte op jou

foon uit te vee:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **soek**.
2. Tik **skrap geskiedenis**.

# Outo-voorstelle

Om jou te help om die inhoud wat jy soek vinniger te kry, stel Soek outomaties soekterme voor terwyl jy tik. Outo-voorstelle kan uit jou soekgeskiedenis wat op jou foon gestoor is, of van die Bing-diens af kom. Om voorstelle by die Bing-diens te kry, word jou soekterm na Bing gestuur terwyl jy dit tik of sê.

**Jou keuses:**

Om die Soek-kenmerk se outo-voorstelle van die Bing-diens aan of af te sit, wat **Aan** is by verstek:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **soek**.
2. Merk of ontmerk **Kry voorstelle van Bing terwyl ek tik**.

# Ligging

As jy Soek toegang tot jou ligging gee, sal jou foon se ligging na Bing gestuur en gebruik word soos die Bing-privaatheidsverklaring dit beskryf.

**Jou keuses:**

Om die Soek-kenmerk se toegang tot jou foon se ligging aan of af te skakel, wat **Af** is by verstek:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **soek**.
2. Sit die **Gebruik my ligging**-skakelaar **Aan** of **Af**.

# Microsoft-merkers

Wanneer jy ’n Microsoft-merker (’n tweedimensionele strepieskode) skandeer, skandeer die foon se kamera die Microsoft-merker om vir jou toepaslike inligting terug te stuur. Die beeldinligting word nie met jou Microsoft-rekening geassosieer, of gebruik om jou te kontak nie. Microsoft kan ook jou standaard- fooninligting (en liggingdata as jy daardie instelling gekies het) na die Merk-skepper toe

stuur om plaaslike resultate te verskaf, na aanleiding van jou foon en ander Merkers wat jy van dieselfde Merker-skepper geskandeer het. As jy byvoorbeeld ’n Merk op ’n fliekplakkaat skandeer, kan Microsoft moontlik die inligting wat hulle versamel aan die uitgewer van die plakkaat verskaf, wat dit kan gebruik om vir jou fliektye van die fliek in die omgewing te stuur. Merkskeppers se gebruik van hierdie inligting is onderhewig aan hul privaatheidspraktyke, en nie hierdie privaatheidsverklaring nie.

**Jou keuses:**

Om die Soek-kenmerk se opsie om ligginginligting in verband met skanderings van Microsoft-merkers te stuur aan of af te skakel, wat **Af** is by verstek:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **soek**.
2. Merk of ontmerk **Stuur ligginginligting vir Microsoft-merkers**.

# Musieksoektogte

Wanneer jy die Musiek-soekfunksie gebruik, word ’n klank-"vingerafdruk" van die klank wat deur die mikrofoon vasgelê word, na Bing gestuur om vir jou soekresultate te verskaf. Die klankinligting word nie met jou Microsoft-rekening geassosieer, of gebruik om jou of jou foon te identifiseer of te kontak nie.

# Visuele soektogte

Wanneer jy die Visuele soektog-funksionaliteit gebruik, skandeer die foon se kamera vir ’n klein rukkie wat ook al in sy gesigsveld is, en 'n reeks raampies word na Bing gestuur om vir jou soekresultate te lewer. Die beeldinligting word nie met jou Microsoft-rekening geassosieer, of gebruik om jou of jou foon te identifiseer of te kontak nie. Jy moet daarop let dat dit daartoe kan lei dat jy ongemerk 'n paar nie-tersaaklike raampies na Bing toe kan stuur, en let waar jy die kamera rig.

**Jou keuses:**

Om die Soek-kenmerk se opsie om beelde wat jy gestuur het te stoor en te gebruik om Bing-soekresultate in die toekoms te verbeter, aan of af te skakel, wat **Aan** is by verstek:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **soek**.
2. Merk of ontmerk **Laat Microsoft toe om beelde van visuele soektogte te stoor en te gebruik**.

# SharePoint Mobile

Jy kan ’n lys van SharePoint-werwe invoer, en jou domeine en netwerkmagtigingsbewyse op jou foon stoor. Wanneer jy toegang tot ’n SharePoint-werf verkry, stoor die werf koekies op jou foon as jy toestemming het om ’n nuwe sub-werf te skep. Hierdie koekies vorm saam ’n lys van werwe waarvoor jy toestemmings het. Hierdie lys word deur verskeie Office-programme gebruik om vir jou vinnige toegang tot die werwe wat jy voorheen besoek het te gee. As jy die koekies op jou foon skrap, sal jy gevra word om jou magtigingsbewyse weer in te voer om toegang tot die werwe te verkry.

Microsoft verkry nie toegang tot die lys SharePoint-werwe wat jy besoek het nie, en die lys word nie met die Internet gedeel, tensy jy besluit om dit meer algemeen beskikbaar te maak nie. Wanneer jy ’n nuwe webwerf of lys in SharePoint skep, of mense by ’n bestaande webwerf of lys voeg of daarheen nooi, stoor die werf die volgende vir elke persoon:

- Volle naam
- E-posadres

’n Gebruiker-ID word by elke element gevoeg wat jy of die werf se ander gebruikers by die werf voeg of daarvan wysig. Soos met al die inhoud op die SharePoint-werf, het slegs administrateurs en lede van die werf self toegang tot hierdie inligting.

Alle elemente van die SharePoint-werf sluit twee velde in:

- Geskep deur (gebruikersnaam van persoon wat die element geskep het, en die skeppingsdatum)
- Gewysig deur (gebruikersnaam van die persoon wat die element laaste gewysig het, en die wysigingsdatum)

Administrateurs van die bedieners waar SharePoint-werwe gehou word, het toegang tot sommige data van hierdie werwe, insluitend name, e-posadresse en toestemmings van alle gebruikers wat toestemming het om toegang tot die webwerf te kry, wat gebruik word om gebruikspatrone van die werf te ontleed, en die persentasie tyd wat die werf beskikbaar is te verbeter. Alle gebruikers met toegang tot ’n spesifieke SharePoint-werf kan alle inhoud wat op daardie werf beskikbaar is, deursoek en bekyk.

**Jou keuses:**

Om SharePoint-skakels in die Office-spil oop te maak, wat **Aan** is by verstek:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **Office**.

2. Merk of ontmerk **Maak SharePoint-skakels in die Office-spil oop**.

# Spraak

Windows Phone verskaf ’n spraakherkenningsdiens vir spraak-geaktiveerde kenmerke en toepassings. As jy Cortana aangeskakel het, bied Cortana die spraakherkenningsdiens – raadpleeg die Cortana-afdeling. As jy nie Cortana aangeskakel het nie, kan jy nietemin die spraakherkenningsdiens wat in hierdie afdeling beskryf word, gebruik.

Wanneer jy die spraakherkenningsdiens op jou foon vir spraak-geaktiveerde kenmerke of toepassings gebruik, hetsy verskaf deur Microsoft of derde partye, sal jou spraaktoevoer en werkverrigtingsdata wat met die spraakfunksionaliteit geassosieer word ("spraakdata"), soos veranderinge wat jy handmatig aan teks aanbring en die finale teksresultaat, outomaties aan Microsoft gestuur word om te verwerk en op die versoek te reageer, en om die spraakdiens te verbeter. Om ons spraakherkenning-algoritmes te verfyn, sal jou onlangse kontakname (maar nie telefoonnommers of ander kontakinligting nie) ook aan Microsoft gestuur word. Jy sal gevra word om die spraakherkenningsdiens te aktiveer wanneer jy die eerste keer probeer om enige spraakfunksionaliteit te gebruik.

Wanneer spraakdata aan Microsoft gestuur word, skep Microsoft ’n unieke ID wat op jou foon gestoor word, wat saam met versoeke gestuur word om versoeke van verskillende fone te onderskei. Die unieke ID is ’n lukraak-gegenereerde nommer wat geen inligting bevat wat jou direk kan identifiseer nie.

As jy die spraakherkenningsdiens deaktiveer, sal jy nie aanlynsoektogte met jou stem kan doen of ’n boodskap via stem kan stuur nie, maar jy sal nog ander eenvoudige stemopdragte wat uitsluitlik op die foon gesteun word, soos "Bel ma" of "Begin Internet Explorer", kan gebruik.

**Jou keuses:**

### Om te verhoed dat spraakdata na Microsoft gestuur word, as jy dit voorheen geaktiveer het:

1. Gaan na **Instellings** > **Spraak**.

2. Ontmerk **Aktiveer Spraakherkenningsdiens**.

# Berginginsig

Jy kan moontlik ’n SD-kaart gebruik om datalêers, soos musiek of foto's, vanaf jou foon in of uit te voer. Jy kan kies om foto's, musiek, video of sekere toepassings op jou SD-kaart te berg. Wanneer jy aanvanklik ’n SD-kaart insit, kan jy kies watter tipes data om daarop te berg. Jy kan hierdie instelling te eniger tyd verander.

Jy moet daarop bedag wees dat data wat op jou SD-kaart gestoor is, meer vatbaar vir potensiële verlies of ongemagtigde toegang deur ander is. Sodra die SD-kaart uit jou foon verwyder word, is die data gewoonlik leesbaar deur enige toestel waarin dit gesit word, selfs al stel jy 'n sluitskerm-wagwoord vir jou foon. Jy moet sorgvuldig oorweeg watter data jy op jou SD-kaart wil berg.

**Jou keuses:**

### Om te kies watter data om op jou SD-kaart of interne geheue te stoor:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **berginginsig**.
2. In die opspringkieslys vir die tipe data waarin jy belangstel, kies **foon** of **SD-kaart**.

# Winkel

Jy sal dalk jou ouderdom en land/streek moet verskaf om ’n nuwe Winkel-rekening te skep. As jy reeds ’n Microsoft Billing-rekening het, sal jy die betaalmetode(s) wat jy reeds bygevoeg het om inhoud en toepassings by die Winkel te koop kan gebruik. Ons versamel ook jou e-posadres sodat ons Winkelkwitansies en -kennisgewings kan verskaf. Vir nuwe rekeninge sal ons outomaties 'n bynaam genereer (wat ons ’n spelernaam noem) wat gebruik word om jou op die Xbox LIVE- en Xbox-musiekdienste te identifiseer.

As jy resensies op die Winkel plaas, sal die resensies onder die voornaam op jou Microsoft-rekening geplaas word. Die ontwikkelaar van ’n toepassing wat jy resenseer, sal jou resensie kan sien en ’n e-pos-antwoord op jou resensie kan skryf. Microsoft sal die antwoord namens die ontwikkelaar na jou toe stuur – die ontwikkelaar kry nie jou e-posadres nie. As jy egter direk op die ontwikkelaar se steundiens-e-posadres antwoord, sal die ontwikkelaar jou e-posadres hê. Jy kan kies om nie ontwikkelaars se antwoorde vanaf Microsoft te kry nie, deur die uittekenskakel in ’n e-pos-antwoord op 'n resensie te gebruik.

Die Winkel verskaf ’n aanlynervaring wat aan jou foon gekoppel is. Wanneer jy die Winkel besoek, versamel ons inligting oor jou Winkelblaaiery, Winkelaankope en ander aktiwiteite in die Winkel. Hierdie aktiwiteit word gebruik om die algemene Winkel-ervaring te verbeter, en kan moontlik gebruik word om vir jou spesifieke aanbevelings op jou foon te verskaf as jy aanskakel Verpersoonlikte voorstelle of Cortana. Ons kan dalk ook saamgevoegde data oor Winkelaktiwiteit met vennote deel.

Jy sal moontlik ’n Beursie-PIN nodig hê voor jy musiek-, toepassings-, of sekere in-toepassing-aankope kan doen. Om dit moontlik te maak om deur jou selfoonoperateur vir toepassings te betaal (waar van toepassing), kan ons moontlik data versamel wat jou foon en jou selfoonoperateur identifiseer, byvoorbeeld jou IMSI en ’n deel van jou Intekenaar-identiteitmodule- ("SIM"-) kaartidentifiseerder (nie alle fone gebruik SIM-kaarte nie). Dit stel ons in staat om fakturering te fasiliteer en vrae oor mislukte transaksies, prysgewing of ander kwessies op te los. Ons gebruik nie inligting wat op hierdie manier bymekaargemaak is vir enige ander doel nie, en deel ook nie data met enige ander party as jou selfoonoperateur nie.

ID's van die toepassings wat jy op jou foon geïnstalleer het, word van tyd tot tyd na die Winkel gestuur om te bepaal of daar beskikbare bywerkings vir enige toepassings wat jy geïnstalleer het, is. As jy kies om toepassings outomaties by te werk (byvoorbeeld, wanneer jy jou foon opstel), laai die Winkel outomaties bygewerkte weergawes van jou toepassings af en installeer dit. Jy kan by die Winkel-instellings kies of toepassing-bywerkings outomaties geïnstalleer word of nie. Sekere bywerkings kan egter noodsaaklik wees vir die voortgesette werking van sekere toepassings.

**Jou keuses:**

### Om te beheer of toepassing-bywerkings outomaties afgelaai en geïnstalleer word:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **winkel**.
2. Onder **Toepassingbywerkings**, sit die **Werk toepassings outomaties by**-skakelaar **Aan** of **Af**.

### Om die gebruik van jou Beursie-PIN 'n vereiste vir musiek-, toepassings- en sekere in-toepassing-aankope te maak:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **winkel**.
2. Tik op **PIN**-knoppie.
3. Sit die **Beursie-PIN** óf **Aan** en volg die aanwysings om jou PIN in te voer (as jy dit nie voorheen gedoen het nie).
4. Kontroleer die **Gebruik Beursie-PIN om musiek-, toepassing- en in-toepassing-aankope te beskerm**.

Hierdie kenmerk kan ook met die Beursie-instellings aangeskakel word. Raadpleeg Beursie. Om faktureringsinligting in jou Microsoft Billing-rekening te redigeer of te verwyder, meld op jou rekening aan by Microsoft-fakturering en -rekeningbestuur. Om ’n resensie wat jy voorheen in die Winkel geplaas het te redigeer, teken by die Winkel aan en klik of tik op die resensieteks.

# Sinchronisasie-instellings

Wanneer jy met 'n Microsoft-rekening op jou foon aanteken, sinchroniseer dit outomaties party van jou instellings en inligting met Microsoft-bedieners om dit makliker te maak om konsekwente ervarings op verskillende Windows-toestelle soos jou foon en jou rekenaar te hê. Inligting wat gesinchroniseer kan word, sluit jou tema, toepassinginstellings, wagwoorde wat jy gestoor het, en Internet Explorer-gunstelinge en -geskiedenis in.

As jy reeds op 'n ander Windows-toestel gekies het om instellings met jou Microsoft-rekening te sinchroniseer, sal party instellings outomaties tydens opstelling op jou foon gesinchroniseer word, nadat jy op jou Microsoft-rekening aangeteken het.

Om jou privaatheid te help beskerm, word alle gesinchroniseerde instellings geënkripteer via SSL gestuur. Party instellings sal moontlik nie sinchroniseer totdat jy jou Microsoft-rekening op jou toestel bevestig nie. Microsoft gebruik nie hierdie gesinchroniseerde instellings of inligting om jou te identifiseer, te kontak of reklame aan jou te rig nie.

Let daarop dat party toepassings hulle eie data op ander maniere sinchroniseer, wat aparte instellings kan hê.

**Jou keuses:**

Wanneer jy met 'n Microsoft-rekening op jou foon aanteken, sal jou instellings by verstek sinchroniseer. Om te kies watter inligting gesinchroniseer word:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **sinchroniseer my instellings**.
2. Sit die **Tema**, **Toepassing-instellings**, **Internet Explorer**, of **Wagwoorde** skakel **Aan** of **Af**.

Let daarop dat as jy kies om jou goed te rugsteun, jou foon-instellings en ander inligting steeds volgens jou rugsteuninstellings na Microsoft-bedieners gestuur sal word, maar dit sal slegs volgens jou sinchronisasie-instellings op jou ander toestelle gesinchroniseer word. Om meer te wete te kom oor jou keuses vir rugsteun op jou foon, raadpleeg die **Rugsteun**-afdeling.

# Tik + Stuur

Jou foon het moontlik kortveldkommunikasie- (NFC-) vermoëns, wat jou in staat stel om foto's, webwerwe, kontakte en ander items met versoenbare NFC-toegeruste toestelle te deel deur jou foon bloot teen die ander toestel te tik (of dit baie naby aan mekaar te plaas). Jy sal altyd afsonderlik gevra word voordat die data werklik gedeel word, daarom besluit jy watter inligting om in elke geval te deel. Hierdie kenmerk versend nie data na Microsoft nie.

**Jou keuses:**

### Om die NFC-deelkenmerk aan of af te skakel, wat **Aan** is by verstek

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **tik + stuur**.
2. Sit die **NFC-deling**-skakelaar **Aan** of **Af**.

# Bywerkings

Microsoft kan bywerkings vir jou foon se bedryfstelsel met nuttige of kritieke verbeterings vrystel. Toepassings wat by die Winkel gekry is, word deur die Winkel bygewerk, nie deur hierdie kenmerk nie. Om seker te maak dat jy van elke bywerking weet wanneer dit beskikbaar raak, skandeer jou foon gereeld vir bywerkings. Wanneer jy hierdie kenmerk aktiveer, sal bywerkings outomaties afgelaai word. Jy sal nog steeds in kennis gestel en versoek word om afgelaaide bywerkings te installeer, maar wat kritieke bywerkings betref, sal jou foon die bywerkings outomaties installeer. As jy besluit om hierdie kenmerk te deaktiveer, sal jy in kennis gestel word wanneer bywerkings beskikbaar is om afgelaai te word, en jy kan kies wanneer om die bywerkings af te laai en te installeer.

Elke keer wanneer die foon kontroleer of daar bywerkings beskikbaar is, en elke keer wanneer bywerkings geïnstalleer word, word standaard- toestelinligting na Microsoft gestuur. Hierdie inligting word gebruik om te bepaal watter bywerkings relevant en gepas is vir jou foon, en om die bywerkingsdiens te bedryf, te ontleed en te handhaaf. Standaard- toestelinligting word ook gebruik om saamgestelde statistiek te genereer wat ons help om suksesse, mislukkings en foute wat jy met die bywerkdienste ervaar te ontleed.

As jy aanbevole instellings kies terwyl jy Windows Phone opstel, sal die Windows Phone-bywerkingskenmerk aangeskakel word. Indien jy besluit om instellings te pasmaak, kan jy bedryfstelselbywerkings beheer deur die volgende te kies **Laai Windows Phone-bywerkings outomaties af en installeer dit**. Jy kan hierdie kenmerk te eniger tyd afskakel nadat jy Windows Phone opgestel het.

**Jou keuses:**

### Om die instelling te verander vir outomatiese aflaai van nie-kritieke bedryfstelselbywerkings wanneer dit gevind word:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **foonbywerking**.
2. Merk of ontmerk **Laai bywerkings outomaties af indien my data-instellings dit toelaat**.

Gaan bedryfstelselbywerkings te eniger tyd handmatig na:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **foonbywerking**.
2. Tik **kyk of daar bywerkings is**.

# Beursie

Jy kan ’n Beursie op jou foon opstel wat betaalmetodes (insluitend krediet-en debietkaarte) vir aankope in die Winkel of elders hou. Jou Beursie kan ook ander inligting soos koepons, lojaliteitskaarte, kaartjies en ander digitale inhoud bevat. Toepassings op jou foon kan outomaties inligting in jou Beursie stoor. Jy kan ook items van ’n e-pos of ’n webskakel af by jou Beursie voeg.

As jy jou Beursie toelaat om jou ligging te gebruik, kan dit jou in kennis stel wanneer jou foon naby liggings is wat met items in jou Beursie verband hou. Beursie kan byvoorbeeld jou konsertkaartjie outomaties vir jou wys wanneer jy naby die konsertlokaal is. Beursie deel nie jou ligging met enige derde partye nie.

Party items in jou Beursie kan met verloop van tyd bygewerk word. Beursie sal van tyd tot tyd bywerkings vir hierdie items aflaai.

Wanneer jy ’n krediet- of debietkaart byvoeg, stoor ons slegs die eerste ses syfers en die laaste vier syfers op jou foon. Die eerste ses syfers word gebruik om jou te help om toepassings op te spoor (soos toepassings van jou bank) wat jou Beursie-ervaring kan verbeter. Die laaste vier syfers word gebruik om spesifieke kaarte te identifiseer. Die volle kaartnommer word in Microsoft se handelsplatformbedieners gestoor, wat ’n verskeidenheid sekuriteitstegnologieë en -prosedures benut wat jou inligting help beskerm. Indien jy ’n kredietkaart met jou Microsoft-rekening geassosieer het (byvoorbeeld, in die Winkel), sal ons dit ook in jou Beursie beskikbaar maak. Jy kan ook faktureringsbesonderhede en ander inligting oor ’n kaart op jou foon byvoeg vir maklike verwysing. Hierdie inligting sal geënkripteer en op jou foon gestoor word.

Afhangende van jou selfoonverskaffer, kan jy moontlik ook Beursie-inligting vir vinnigekaart- NFC-transaksies by party handelaars gebruik (byvoorbeeld, om krediet- of debietkaarte vir kontakvrye betalings te gebruik, of om jou lojaliteitskaart by ’n kruidenierswinkel te gebruik). Waar hierdie vermoë bestaan, word die vinnigekaart-magtigingsbewyse op ’n veilige element op jou SIM-kaart gestoor.

**Jou keuses:**

Jy kan ’n Beursie-PIN stel wat ingetik moet word voordat die Beursie oopmaak. Om ’n Beursie-PIN te stel:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **beursie**.

2. Sit die **Beursie-PIN** óf **Aan**.

3. Volg die aanwysings om jou PIN in te voer.

Jy kan jou Beursie-PIN ook as 'n vereiste vir musiek, toepassings en sekere in-toepassing-aankope stel as jy ’n Beursie-PIN gestel het:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **beursie**.

2. Gaan na **Gebruik Beursie-PIN om musiek-, toepassing- en in-toepassing-aankope te beskerm**.

Hierdie kenmerk kan ook met die Winkel-instellings aangeskakel word. Raadpleeg Winkelbo.

As jou selfoonverskaffer NFC-vermoëns bied, sal jou foon ’n bykomende instelling hê wat jou in staat stel om te beheer wanneer ’n kaart gebruik kan word om ’n NFC-transaksie te doen:

1. Gaan na **Instellings** > **toepassings** > **beursie**.

2. Onder **vinnigekaarte sal werk** kies **terwyl Beursie oop is**, **terwyl foon ontsluit is**, of **terwyl skerm aan is**.

# Wi-Fi-insig

Wi-Fi-insig verbind jou aan Wi-Fi-netwerke naby jou om jou te help om sellulêre data te spaar, en om vir jou meer konnektiwiteitsopsies te bied. Dit stel jou in staat om die volgende te doen:

- Koppel outomaties aan skaregevonde oop Wi-Fi-netwerke

- Aanvaar outomaties die gebruiksbepalings en verskaf bykomende inligting vir Wi-Fi-netwerke wat dit benodig

- Verruil toegang tot wagwoord-beskermde Wi-Fi-netwerke met jou kontakte. Hulle kan Internettoegang kry met behulp van die netwerke wat jy besluit om te deel. Net so, kan jy Internettoegang kry deur netwerke wat jou kontakte deel

Let daarop dat Wi-Fi-insig jou ligging gebruik om bekende netwerke naby jou te identifiseer. Deur Wi-Fi-insig te gebruik, begryp jy en stem jy in dat dit jou ligging gaan gebruik. Indien **Liggingsdienste** afgeskakel is in Ligginginstellings, sal jy nie Wi-Fi-insig kan gebruik nie. Om meer uit te vind, raadpleeg die Versameling en gebruik van liggingposisioneringsinligting-afdeling.

Jy moet ook kennis neem dat nie alle Wi-Fi-netwerke veilig is nie.

As jy **Koppel outomaties aan Wi-Fi-netwerke en aanvaar bepalings namens my** terwyl jy jou foon opstel, sal jou foon outomaties aan oop Wi-Fi-netwerke wat deur ander Windows Phone-gebruikers gevind is, koppel. Indien ʼn Wi-Fi-netwerk vereis dat jy gebruiksbepalings aanvaar, of bykomende inligting verskaf voordat jy kan koppel, kan Wi-Fi-insig dit ook namens jou doen om jou vinnig gekoppel te kry. Wi-Fi-insig sal nie jou persoonlike kontakinligting (naam, telefoonnommer of e-posadres) outomaties aan Wi-Fi-netwerke verskaf tensy jy dit opstel om dit te doen nie. As jy gekies het dat Wi-Fi-insig jou persoonlike kontakinligting aan netwerke kan verskaf, sal Wi-Fi-insig outomaties daardie persoonlike kontakinligting aan enige netwerk stuur wat dit vra, sonder om jou daarvoor te por. ʼn Netwerkoperateur se gebruik van jou persoonlike kontakinligting is onderhewig aan hul privaatheidspraktyke, wat moontlik die netwerkoperateur toelaat om jou persoonlike kontakinligting voor die voet te deel. As jy nie wil hê Wi-Fi-insig moet gebruiksbepalings outomaties aanvaar, of jou persoonlike kontakinligting stuur nie, kan jy elk van hierdie kenmerke in Wi-Fi-insiginstellings afsit.

Om hierdie funksionaliteit te verskaf en die Wi-Fi-insigdiens te help om netwerke vir jou en ander gebruikers in die toekoms te identifiseer, sal Microsoft inligting oor die verbindingsvereistes en spoed van Wi-Fi-netwerke waaraan jy op jou eie koppel, versamel. Dit versamel byvoorbeeld inligting oor of die netwerk vereis dat jy gebruiksbepalings aanvaar of ander inligting invoer voordat jy daaraan kan koppel. In party gevalle kan hierdie verbindingsinligting persoonlike inligting wat jy ingetik het, soos jou e-posadres, bevat. Wi-Fi-insig sal probeer om persoonlike inligting te verwyder of te verberg voordat dit aan Microsoft gestuur word. Enige persoonlike inligting wat per abuis versamel word, word nie vir enige doel gebruik nie, en sal geskrap word.

Oop Wi-Fi-netwerke is nie veilig nie. Enigiemand kan byvoorbeeld daaraan koppel en moontlik sien wat jy doen. Wees versigtig wanneer jy goed aanlyn doen wat persoonlike of sensitiewe inligting vereis, of wag totdat jy aan ʼn veilige netwerk wat jy vertrou kan koppel voordat jy dit doen. Jy kan te eniger tyd van enige Wi-Fi-netwerk ontkoppel deur te gaan na **Instellings** > **Wi-Fi**.

As jy **Laat my toe om Wi-Fi-netwerktoegang met my kontakte uit te ruil** kies terwyl jy jou foon opstel, sal Wi-Fi-insig jou en jou kontakte help om toegang te kry tot wagwoord-beskermde Wi-Fi-netwerke wat jy besluit om te deel. Jy kan netwerke met spesifieke groepe kontakte, soos jou Facebook-vriende, Outlook.com-kontakte en Skype-kontakte, deel. Wanneer jy die eerste keer aan ʼn wagwoord-beskermde Wi-Fi-netwerk koppel, kan jy kies om daardie netwerk met jou kontakte te deel, sodat hulle dit kan gebruik om Internettoegang te kry as hulle Wi-Fi-insig gebruik. Wi-Fi-insig sal die Wi-Fi-netwerkwagwoord wat jy tik en kies om te deel met ʼn geënkripteerde verbinding aan Microsoft stuur. Microsoft enkripteer en stoor die wagwoord, en verskaf dit dan aan jou kontakte se fone as hulle Wi-Fi-insig gebruik en binne bereik kom van ʼn netwerk wat met hulle gedeel is. Jou kontakte sal nie die wagwoorde vir netwerke wat jy deel, kan sien nie, en jy sal nie die wagwoorde vir netwerke wat hulle deel, kan sien nie. Buiten die netwerk-wagwoord, word die netwerknaam en

ander inligting wat nodig is om te koppel ook gedeel. Jy kan te eniger tyd kies om op te hou om toegang tot 'n netwerk met jou kontakte te deel, maar let daarop dat daar tyd kan verloop voordat die netwerk van jou kontakte se fone af verwyder word. Om dadelik te voorkom dat iemand anders toegang tot 'n netwerk kry, kan die netwerkeienaar die netwerkwagwoord verander.

Jy kan jou Wi-Fi-insiginstellings verander net wanneer jy wil. Om dit te doen, gaan na **Instellings**, en tik dan op **Wi-Fi** > **Wi-Fi-insig**.

**Jou keuses:**
Wanneer jy jou foon opstel, kan jy kies of jy Wi-Fi-insig wil gebruik. Nadat jy jou foon opgestel het, kan jy jou Wi-Fi-insiginstellings te eniger tyd verander.

Jy kan kies of jou foon outomaties aan oop openbare Wi-Fi-netwerke moet koppel, en of dit outomaties gebruiksbepalings moet aanvaar. Om te kies om outomaties aan oop openbare Wi-Fi-netwerke te koppel:

1. Gaan na **Instellings** > **Wi-Fi** > **Wi-Fi-insig**.
2. Sit die **Koppel aan Wi-Fi-warmkolle**-skakelaar **Aan** of **Af**.

Om te kies of Wi-Fi-insig outomaties gebruiksbepalings moet aanvaar:

1. Gaan na **Instellings** > **Wi-Fi** > **Wi-Fi-insig**.
2. Merk of ontmerk **Aanvaar gebruiksbepalings namens my wanneer nodig**.

Wi-Fi-insig kan outomaties bykomende inligting, soos 'n foonnommer of e-posadres, aan Wi-Fi-netwerke wat dit benodig, verskaf. Wi-Fi-insig verskaf by verstek nie jou persoonlike inligting aan netwerke nie. Om te kies of Wi-Fi-insig outomaties die voorafingevulde inligting moet verskaf, of die inligting wat dit verskaf moet verander:

1. Gaan na **Instellings** > **Wi-Fi** > **Wi-Fi-insig**.
2. Merk of ontmerk **Verskaf 'n naam, e-pos of telefoonnommer wanneer nodig**, of klik op die **redigeer inligting**-knoppie om die inligting wat Wi-Fi-insig verskaf te sien of te verander.

Jy kan ook kies of jy toegang tot wagwoord-beskermde Wi-Fi-netwerke met jou kontakte wil deel, en met watter groepe kontakte jy toegang deel. Om outomaties toegang met jou kontakte te deel:

1. Gaan na **Instellings** > **Wi-Fi** > **Wi-Fi-insig**.
2. Sit die **Deel Wi-Fi-netwerke wat ek kies**-skakelaar **Aan** of **Af**.

Om te kies met watter groepe kontakte jy toegang deel:

1. Gaan na **Instellings** > **Wi-Fi** > **Wi-Fi-insig**.
2. Onder **Deel Wi-Fi-netwerke wat ek kies**, merk of ontmerk **Outlook.com-kontakte**, **Skype-kontakte**, of **Facebook-vriende**.

### Om 'n spesifieke Wi-Fi-netwerk met vriende te begin deel, of op te hou:

1. Gaan na **Instellings > Wi-Fi en tik op die bestuur-knoppie**.
2. Tik en hou ’n netwerk in die lys, en kies **deel** of **moenie deel nie**.

# Werkplek

Party maatskappye bied toepassings en ander maniere waarop jy beter aan jou besigheid kan koppel. Wanneer jy ’n werkrekening byvoeg, kan jou werkplek moontlik weens sekuriteitsredes beleide op jou foon toepas wat hulle magtig om te vereis dat jy 'n sluitskerm-wagwoord gebruik, die foon se interne berging enkripteer en/of die SD-kaart deaktiveer. Jou werkplek kan ook beleide toepas wat jou verhoed om jou foon terug te stel of jou werkplekrekening te skrap. Hulle kan ook moontlik persoonlike inligting op jou foon versamel, of al die inhoud op jou foon (insluitend inhoud wat nie werkplek-verwant is nie) op ’n afstand skrap, indien jou foon deel van jou werkplek is. Wanneer jy jou werkrekening skrap, word die Office-dokumente (insluitend ongestoorde konsepte) op jou foon uitgevee, maar jy sal nog steeds toegang hê tot Office-dokumente wat jy op jou OneDrive gestoor het. Jy moet sorgvuldig oorweeg of jy jou foon met ’n werkplek-rekening wil assosieer, en bewus wees van jou werk se beleide in hierdie verband.

**Jou keuses:**

### Om 'n werkplekrekening by te voeg:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **werkplek**.
2. Tik die **voeg rekening by**-knoppie.

### Om 'n werkplekrekening te skrap:

1. Gaan na **Instellings** > **stelsel** > **werkplek**.
2. Tik op die ingeskrewe rekening se naam.
3. Tik op die asblik-ikoon.

# Xbox LIVE en Xbox-musiek

Om ’n nuwe Xbox LIVE of Xbox-musiek-rekening te skep, sal jy dalk jou ouderdom en land/streek moet verstrek. Vir nuwe rekeninge sal ons outomaties 'n bynaam genereer (wat ons ’n spelernaam noem) wat gebruik word om jou op die Xbox LIVE- en Xbox-musiekdienste te identifiseer. Jy kan die outomaties gegenereerde bynaam verander deur op jou spelernaam in die Speletjies-spil te tik. As jy resensies op die Winkel plaas, sal die resensies onder die voornaam op jou Microsoft-rekening geplaas word.

# Speletjies

Indien jy ’n Microsoft-speletjie toegang tot jou ligging gee, kan die benaderde ligging van jou foon moontlik aan Microsoft gestuur word om prestasies toe te ken, inspeletjie-belonings te verskaf, of om die spel te pasmaak. Microsoft-speletjies sal slegs die benaderde ligging van jou foon wat vir hierdie doeleindes nodig is, versamel en stoor. Byvoorbeeld, speletjies kan moontlik jou ligging gebruik om ’n prestasie toe te ken op grond van die afstand wat tussen speletjiesessies afgelê is. Party derdeparty-speletjies kan ook aan Xbox LIVE koppel, wat hulle in staat stel om speletjie-aktiwiteit en prestasiedata na Xbox te stuur. Versameling en gebruik van inligting deur derdeparty-speletjies is onderhewig aan die derde party se privaatheidspraktyke.

# Musiek

Wanneer jy Xbox-musiek gebruik, sal ons inligting oor die liedjies wat jy speel, versamel om jou ervarings te verpersoonlik en Microsoft-produkte en -dienste te verbeter. Hierdie inligting word gebruik om te help om inhoud en kenmerke aan jou te verskaf wat meer pas by die musiek waarvan jy hou, en om jou in staat te stel om musiek wat jy onlangs gespeel het, met ander te deel. Dit word ook in saamgestelde vorm gebruik om trefferlyste te skep.

Om jou ervaring wanneer jy musiek speel of daardeur blaai te verryk, kan Xbox-musiek verwante inligting oor die musiek wat jy speel en die inhoud in jou Xbox-musiekbiblioteek vertoon, byvoorbeeld die albumtitel, omslagkuns, liedjie- of videotitel, kunstenaarfoto's, kunstenaarbiografieë en ander inligting, indien beskikbaar. Om hierdie inligting af te laai, stuur Xbox Music ’n inligtingversoek aan Microsoft wat die standaard- toestelinligting en ’n identifiseerder vir die inhoud bevat.

Om meer te wete te kom oor Xbox LIVE en Xbox-musiek se inligtingversamelingspraktyke, gaan asseblief deur die Xbox-privaatheidsverklaring.

**Jou keuses:**
Om jou Xbox-privaatheidinstellings te wysig, wat dinge beheer soos hoe mense jou kan kontak, hoe profielinligting wat jy byvoeg gedeel word, en hoe aktiwiteite op Xbox gedeel word, gaan na

Xbox.com en teken aan op jou rekening.

Om ’n Microsoft-speletjie se toegang tot jou foon se ligging te deaktiveer, gaan na die speletjie Hulp/Opsies-kieslys en skakel toegang tot ligging af. So nie, kan jy die hoofliggingskakelaar op jou foon afskakel.